# Die God van Israel

**Inhoud:**


1. 'n Opsomming
2. Die verbond met Abram
3. Die verbond met Isak en Jakob
4. Israel in Egipteland
5. Israel trek uit Egipteland
6. Israel in die beloofde land
7. God waarsku die huis van Israel deur sy profete
8. God waarsku die huis van Juda deur sy profete
9. Die nuwe verbond
10. Die inwoners van Juda
11. Die verlore stamme word teruggebring
12. Romeine 9
13. Romeine 10 en 11
14. Die Kanaänese vrou
15. Die moderne Jode
16. Die Kerk
17. Die toekoms

## Hoofstuk 1

**Inleiding:**

Wie is die ware volk van God? Is Israel van die ou testament se doel uitgedien nadat die prys vir ons sonde betaal is? Is die kerk nou die uitverkorenes, of is dit dalk die Jode? Daar is so baie verskillende opinies, maar tog is daar geen onduidelikheid in die Bybel daaroor nie. As ons die hele Bybel in ag neem en nie net sekere dele nie en ons probeer om ons eie opinies stil te maak, is dit verbasend hoe maklik die antwoord eintlik is.

**God maak 'n verbond met Abraham, Isak en Jakob en hulle letterlike nageslag.**

1. Hierdie verbond is 'n ewige verbond en sal nooit ten einde loop nie.
2. Die verbond is tussen God self en die volk van Israel.
3. Volgens die verbond, sal Hy vir hulle 'n God wees en hulle sal sy volk wees.
4. Geen ander geslag of nasie is by hierdie ewige verbond ingesluit nie.
5. Hierdie mense is die erfgename van die land Kanaän. Met die wederkoms van die Messias, die erfgename van die koninkryk van God op die aarde.

God gee saam met die verbond ook sy gebooie wat hulle moet onderhou. Hierdie gebooie is egter nie as voorwaarde tot die verbond nie, maar wel tot voorwaarde vir verhouding. Dit beteken dat hulle nog steeds die volk van God bly, al sou hulle sy gebooie verbreek. Baie van die Israeliete het nie sy gebooie gehou nie, maar dit het hulle nie heidene gemaak nie, maar ongelowige en ongehoorsame Israeliete. Ongehoorsaamheid veroorsaak dus nie dat hulle nie Israeliete is nie, maar hulle sal nie erfgename van die verbond wees nie.

Nadat die nageslag van Jakob die land Kanaän beërwe, stel hulle konings oor hulle aan waarvan die eerste een Saul was.

Omdat Saul God ongehoorsaam was, is sy koningskap nie bevestig nie en sy seun het nie in sy plek koning geword nie, maar God het Dawid gesalf as Saul se opvolger. Dawid was van die stam van Juda.

Dawid se regering as koning oor Israel was volgens God se voorskrifte omdat hy God liefgehad het en in sy weë gewandel het en gedoen het wat God behaag het. God het dan ook sy koningskap bevestig en met hom as persoon ook 'n verbond gesluit. Volgens hierdie verbond sal nie net Dawid se seun ná hom koning word nie, maar Dawid se nageslag sal altyd op die troon van Israel wees, tot in ewigheid.

Na Dawid word sy seun Salomo koning, want dit was die belofte aan Dawid. Omdat God Salomo geseën het was hy die slimste en rykste mens wat ooit gelewe het, maar ongelukkig het hy nie soos sy vader Dawid in God se weë gewandel nie. Salomo het duisend vroue gehad en baie van hulle was uitlandse vroue, wat nie ingesluit was by die verbond van God nie. Salomo het hulle liefgehad.

Salomo se koningskap sou God nie bevestig nie, want hy was 'n slegte koning, maar God het 'n ewige belofte aan Dawid gemaak dat Salomo se seun na Salomo koning sou word. God het toe die koninkryk van Israel, wat twaalf stamme was, verdeel in twee koninkryke en aan Salomo se seun net

die een stam van Juda gegee en hy was dus koning oor die huis van Juda. Die ander stamme was gegee aan een van Salomo se vyande en hy het koning geword oor die huis van Israel.

Volgens die wet van Moses moes alle offers in Jerusalem by die tempel gedoen word. Die huis van Israel was nog steeds deel van die verbond met God en wou hulle offers aan Hom bring, maar dit het beteken dat hulle uit hulle land na die land van Juda moes gaan om by die tempel te kom. Die nuwe koning oor die huis van Israel was bekommerd dat sy volk afvallig van hom sou word indien hulle Jerusalem toe sou gaan en daarom het hy aan 'n alternatief gedink om te voorkom dat die huis van Israel na Jerusalem toe gaan om te gaan aanbid. Hy het vir die huis van Israel beelde opgerig in hulle hoofstad Samaria en hulle toestemming gegee om God daar te aanbid.

Hierdie daad was 'n gruwel in die oë van God en Hy het baie profete gestuur om Israel te waarsku teen hulle afvalligheid. Hulle het egter nooit gehoor gegee nie en deur die jare wat volg, net meer verwyderd geraak van hulle God. Koning na koning het die volk verlei en profeet na profeet het hulle gewaarsku dat God sy verbond met hulle gaan breek, maar nooit het hulle ag gegee nie. Helaas word die huis van Israel in ballingskap weggevoer na Assirië en word hulle oor die hele wêreld verstrooi. God het sy verbond met die huis van Israel opgeskort, maar met die huis van Juda het sy verbond nog vasgestaan.

Kort nadat die huis van Israel in ballingskap gegaan het, het Juda ook begin om ander gode te dien. Hulle was ook deur die profete gewaarsku, maar net soos met die huis van Israel wat nie gehoor gegee het aan hulle waarskuwings nie, het die huis van Juda ook volhard in hulle afgodsaanbidding. Omtrent seshonderd jaar voor die eerste koms van Christus, word hulle in ballingskap weggevoer Babilon toe. Anders as met Israel, het God nie sy verbond met Juda gebreek nie. Tydens hulle ballingskap was daar nog steeds Profete wat die Woord van God aan hulle bekend gemaak het. Daniël, Eségiël en Jeremia is voorbeelde.

Die huis van Israel was toe reeds honderd jaar in ballingskap in Assirië, maar toe die Assiriese koninkryk vernietig word, het die huis van Israel onder die lande versprei en het nie weer teruggegaan na die land Kanaän toe nie. In die tydperk wat die huis van Juda in Babel was, het die Babeloniese ryk ook geval toe hulle deur die Mede en Perse verower was. Koning Kores van die Perse het die huis van Juda egter verlof gegee om terug te gaan na Jerusalem om dit te herbou. 'n Groot aantal Israeliete van die huis van Juda het die geleentheid gebruik om terug te gaan, maar die grootste meerderheid het in Babel agtergebly. Hulle was ook later oor die aarde versprei toe die Griekse ryk die Perse oorwin het en daarna ook weer die Romeinse ryk.

Met die gedeelte van die huis van Juda se terugkoms in Jerusalem, was dit nie meer die beloofde land waarin hulle ouers gebly het nie, maar baie ander nasies het nou in dieselfde land en stad gebly. Jerusalem was ook nie meer die hoofstad van Israel nie, maar net nog 'n stad in die Babeloniese Ryk en daarna die Persiese Ryk.

Jerusalem se muur was afgebreek en die tempel was verbrand en die Israeliete wat teruggegaan het, moes baie hard werk om dit weer leefbaar te maak. Baie ander nasies wat in Jerusalem gebly het was gewillig om te help met die herstel, maar omdat Israel vasgehou het aan die uitverkiesings-verbond, het hulle geweier. Dit het kwade gevoelens by die ander volke veroorsaak en die herstel van Jerusalem was dikwels onderbreek deur gevegte.

Selfs voor die Babeloniese ballingskap, het daar in Jerusalem 'n godsdiens- en ook 'n volk, eie aan die land Juda ontstaan. Hierdie mense het uit baie verskillende nasies bestaan en het hulself Jode genoem en het die boeke van Moses gebruik as godsdiens saam met die Babeloniese godsdiens van hulle tyd, die Talmoed. Hierdie mense was inwoners van die landstreek Juda en het hulle godsdiens

van Jodisme streng onderhou. In die tyd van die Messias verwys Hy na sommige van hulle as kinders van die Satan. Hulle was in twee groepe, die Farriseërs en die Sadduseërs.

Daar was egter ook Israeliete wat deel was van hierdie Joodse volk, naamlik hulle wat nog altyd in Juda was en hulle wat teruggekeer het uit Babel. Jode was dus nie 'n spesifieke volk nie, maar 'n mengsel van volke wat 'n gemeenskaplike godsdiens en kultuur deel, soos dit vandag nog is. Vandag nog is daar mense van enige ras, wat deel van die Joodse volk is.

Ten tye van die Messias se eerste koms, was daar dus 'n klein gedeelte van die huis van Juda terug in die land Kanaän, maar die meeste van hulle was nog in Babel en selfs verder verwyder. Die huis van Israel was toe reeds lank versprei onder die nasies en het ander lande bevolk en koninkryke gevestig.

Toe die engel aan Josef verskyn om aan hom te verduidelik hoe dit is dat Maria swanger is, het hy verklaar dat Hy kom om sy volk van hulle sondes te verlos. Die engel en Josef het geweet wie hierdie volk is, maar vandag het ons 'n totale ander verklaring van wie dit is.

Die engel wat aan Maria verskyn het om aan haar te verduidelik hoe dit is dat sy swanger is sonder die toedoen van 'n man, het weer aan haar gesê dat Hy die Seun van die Allerhoogste is en dat Hy gaan sit op die troon van sy vader Dawid en dat Hy Koning gaan wees oor die huis van Jakob en dat daar aan sý Koninkryk, geen einde sal wees nie. Maria het ook presies geweet wie die huis van Jakob is en die engel het nie verkeerd gepraat toe hy dit gesê het nie, maar weereens weet ons vandag glad nie wie die huis van Jakob is nie.

Wanneer die engel sê dat Hy koning gaan wees oor die huis van Jakob, beteken dit dat die huis van Israel, wat nou reeds lank verstrooi was, daarby ingesluit is en nie net die huis van Juda nie. Die huis van Israel en die huis van Juda is die huis van Jakob, want Jakob se naam was verander na Israel. Hy het twaalf seuns gehad en hulle het die twaalf stamme van Israel gevorm en was genoem “die huis van Jakob”. Hierdie stamme was toe al reeds jare lank weg uit die land Israel en Jerusalem.

Die Messias se eerste koms was ten doel om die sonde van die volk van God op Hom te neem, want Hy het met hulle 'n verbond gesluit. Hy sterf aan die kruis en uiter die woorde; “dit is volbring”. Hiermee verklaar Hy dat Hy die volle prys betaal het vir al die sondes van sy volk en dat die van hulle, wat hulle tot Hom bekeer en weer gebore word, gered sal word van die oordeel wat op pad is. Sy volk is egter nie elkeen wat homself 'n Jood noem nie, maar slegs húlle wat nakomelinge is van Jakob, naamlik Israel.

Aanvanklik bring die apostels die blye boodskap van verlossing net aan die Israeliete in- en om Jerusalem, omdat dit die mense is wat nog onder die verbond was in die tyd van die Messias. Petrus word egter gelei deur die Heilige Gees na die huis van Cornelius en daar openbaar God aan Petrus dat die heidene nou weer deel van die verbond van God kan word. Cornelius was egter nie 'n Filestyn of 'n Egiptenaar nie, maar hy was deel van die huis van Israel wat baie jare terug weggevoer was na Assirië toe. Daar was dus 'n groot klomp Israeliete wat vervreemd was van die burgerskap van Israel wat as heidene beskou was deur die res van Israel wat nog onder die verbond was, asook deur God self.

Paulus beroem homself daarop dat hy die apostel vir die heidene was, maar weereens was hierdie heidene nie Egiptenare nie, maar Israeliete wat vroeër van die burgerskap van Israel afgesny was. Die skeiding wat daar gemaak was tussen die huis van Israel en die huis van Juda was as gevolg van God wat sy verbond met die huis van Israel opgeskort het. Hulle, die huis van Israel, het soos heidene geword, maar nadat die Messias die prys vir hulle sonde betaal het, kon hulle weer deel van die volk van God word.

In Romeine, hoofstuk nege en tien, verduidelik Paulus waarom dit geregverdig is om die evangelie van verlossing na die heiden te vat en hy verwys terug na die profeet Hoséa om dit te verduidelik. Indien iemand net die gedeelte uit Romeine, sonder die deel in Hoséa sou lees, kom daar 'n totaal ander boodskap uit as wanneer Hoséa ook gelees word. Paulus verduidelik 'n verborge saak van die heidene en die uitverkorenes en dan sê hy; soos wat deur Hoséa geskrywe was. Dit beteken dat Hoséa dit oorspronklik geprofeteer het en Paulus het dit net weer herhaal.

Meeste kinders van God glo vandag dat die uitverkore volk van Israel deur die eeue heen onder die nasies in verdwyn het en nie meer as 'n volk voor God se aangesig bestaan nie. Hoewel daar soveel beloftes en profesieë is wat bevestig dat Israel nie verdwyn het nie, is die evangelie wat vandag verkondig die teendeel en soveel sterker. Bykans nêrens is daar nog stemme wat opgaan en bevestig dat God se beloftes, ewige beloftes, aan Israel nog geld nie.

Al die beloftes en profesieë wat egter prontuit bely dat Israel nog steeds 'n volk is voor die Almagtige word vergeestelik en vertaal en verander, om dit nie meer te sê nie. Israel in die nuwe testament word dan vervang met die kerk, of met die hedendaagse Jode. Nie een van hierdie twee kan egter die rol van Israel vertolk nie, omdat dit 'n geslag van mense is wat uit Jakob voortgespruit het en uit die twaalf stamme bestaan.

In Openbaring lees ons van die wederkoms van die Messias en telkens praat Hy van die verlossing van sy volk Israel en nie die verlossing van die kerk of die Jode nie. Die poorte van die nuwe Jerusalem het die name van die twaalf stamme op hulle poorte en dit kondig aan wie binne-in die stad bly.

Eers wanneer die Messias terugkom as Koning oor die aarde, sal die beloftes wat Hy aan Jakob gemaak het in vervulling kan gaan. Hy gaan sit op die troon van sy vader Dawid, letterlik, en Hy gaan regeer oor die huis van Jakob, letterlik, en die kinders van Jakob gaan letterlik in die beloofde land Kanaän bly.

Hierdie is die enigste manier vir die beloftes van God om waar te word. Wanneer Hy iets belowe, waarborg Hy dit met sy Naam en daarom moet sy beloftes altyd in vervulling gaan. Dit is die heiliging van sy Naam.

Toe Israel uit hulle land weggevoer was na ander lande toe, het hulle by ander nasies gekom en daardie nasies het hulle gevra waar is die beloftes dan wat God aan hulle gemaak het? God sê self dat sy Naam ontheilig was deurdat hierdie nasies dit gevra het en Hy sal sy volk terugbring in hulle land, ter wille van sy Heilige Naam en nie net ter wille van sy volk se voorspoed nie. God is nie 'n leuenaar nie en kan nooit een wees nie, daarom kan ons seker wees dat sy beloftes aan Israel sal gebeur, al sê die mense en die hedendaagse godsdiens anders.

Indien ons nie glo wat God in die Bybel sê nie, maak dit van ons ongelowiges. Ons wys maklik vinger na ander mense wat nie deelneem aan Godsdienstige byeenkomste en gebruike nie en noem hulle soms ongelowiges, maar 'n ongelowige is iemand wat God nie glo nie. God het vir Adam gesê hy mag nie van die boom eet nie, maar Adam het Hom nie geglo nie. Adam het al die ander dinge geglo wat God vir hom gesê het, maar net daardie een ding nie. Nou glo ons die hele Bybel, maar net die deel van die uitvekiesing van Israel nie, dit plaas ons in dieselfde oordeel as Adam.

## Hoofstuk 2

### Die verbond met Abram

Abram woon in die land Ur van die Chaldeërs, saam met sy ouers en sy vrou. Op 'n dag verskyn die God van Sem aan Abram en gee hom ‘n opdrag om weg te trek van die land Ur af na 'n land wat Hy aan hom sal wys. Daar sal God van hom en sy nageslag 'n groot nasie maak. Abram het God geglo en weggetrek van sy vader se huis af, hy en sy vrou en sy broerskind, Lot. Abram trek tot in die land Kanaän, waar die Kanaäniete gewoon het en weer belowe God aan Abram en sy nageslag 'n land, hierdie land van die Kanaäniete, die land Kanaän. *(Gén. 12:1-2, 6-7)*

Hoewel Abram die belofte van 'n groot nageslag gekry het, het hy en sy vrou Sara op daardie stadium geen kinders gehad nie. Lot, Abram se broerskind, trek saam met Abram, maar hulle besittings het so baie geword dat dit nie meer moontlik was om saam te trek nie. Nadat Lot sy eie rigting getrek het, bevestig God weer sy belofte aan Abram deur hom die hele land Kanaän te wys en dan te verklaar dat hiérdie land aan hom en sy nageslag sal behoort, tot in ewigheid. Hoewel Abram nog steeds geen kinders het nie, belowe God hom dat sy letterlike nageslag so baie sal wees soos die sand aan die see en die sterre aan die hemel. *(Gén. 13-15)*

Lot en sy gesin, saam met die mense van Sodom en Gomorra word weggevoer, maar Abram en sy manne gaan red hulle uit die hande van diè konings. Hierna verskyn God weer aan Abram in 'n gesig en hierdie keer maak Hy sy belofte aan Abram met 'n gelofte. Hoewel Abram God altyd glo, sê Hy aan God dat hy geen letterlike nageslag het nie en dat die beloftes nie tot stand kan kom solank as wat daar geen kinders is wat kan erf nie. Abram bied egter sy slaaf Eliëser aan as sy erfgenaam, want daar is niemand anders nie, maar God verklaar dat dit nie Eliëser sal wees wat die beloftes van God sal erf nie, maar Abram se eie letterlike seun wat uit sy liggaam sal voortkom.

Hy neem Abram na buite en wys hom al die sterre aan die hemel en sê vir hom, so sal jou letterlike nageslag wees, hulle sal nie getel kan word nie. God openbaar ook aan Abram dat sy nageslag eers na 'n ander land sal gaan waar hulle vir vierhonderd jaar as vreemdelinge sal woon, en dan sal Hy hulle terugbring na hierdie land, Kanaän, toe. *(Gén. 15)*

Sara, Abraham se vrou, kon nie kinders hê nie, maar sy het wel 'n slavin gehad met die naam van Hagar. Volgens gebruik was 'n slavin die eiendom van haar meesteres en so ook die kinders wat die slavin sou voortbring. Sara het toe aan Abram gesê dat hy by Hagar moet ingaan en so 'n nageslag vir hom en Sara verwek. Abram het so gedoen en 'n seun is deur Abram en Hagar verwek, naamlik Ismael. Toe Hagar egter swanger was, het haar meesteres veragtelik vir haar geword. Sy was die een wat die nageslag vir Abram voortbring, maar Sara was nog Hagar se eienares, dit het vir Sara verkeerd gevoel.

Hierdie gesindheid van Hagar het Sara glad nie aangestaan nie en sy het Hagar baie sleg behandel sodat Hagar van Sara af weggevlug het. In die woestyn het 'n engel aan Hagar verskyn en haar opdrag gegee om terug te gaan en haar aan Sara te onderwerp. Hy deel haar egter ook mee dat haar nageslag deur Ismael 'n groot menigte gaan word. Hy sal volgens die engel 'n wilde esel van 'n mens wees. Abram was op hierdie stadium ses en tagtig jaar oud. *(Gén. 16)*

Toe Ismael dertien jaar oud was verskyn God weer aan Abram en vir die soveelste keer bevestig Hy sy belofte aan Abram, deur vir hom te sê dat Hy hom buitengewoon gaan vermeerder. Tot op hierdie stadium was Abram oortuig dat hierdie belofte van 'n groot nageslag deur sy letterlike seun Ismael sal wees, maar toe ontnugter God hom deur te sê dat die groot nageslag deur die seun sal kom wat

Sara vir hom sal baar. God gaan nie sy verbond oprig met Ismael wat Hagar vir Abram gebaar het nie, maar met Isak, wat Sara vir hom die aanstaande jaar sal baar.

Abram is uit die veld geslaan, want wat van Ismael dan en Sara is al nege en negentig jaar oud. Sy is heeltemal te oud om kinders te kry.

God belowe dat Ismael ook 'n groot nageslag sal word, maar die belofte van die beloofde land is nie met hom nie, maar met Isak. God belowe om sy verbond op te rig met Isak en sý nageslag en hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir hulle 'n God te wees en hulle vir Hom 'n volk. God maak egter met Ismael geen verdere verbond nie, maar seën hom wel om 'n groot nasie te wees.

Ook verander God Abram se naam na Abraham, want dit beteken 'n vader van 'n menigte nasies. Hy stel ook die teken van die verbond met Abraham in, naamlik die besnydenis. Hierdie verbond kom dus van God af, maar is slegs geldig indien Abraham se nageslag hulle deel van die verbond nakom, naamlik om besny te word. *(Gén. 17)*

Abraham het sy seun wat vir hom deur Sara gebaar is, Isak genoem. Abraham het sy seun Isak besny toe hy agt dae oud was, soos God hom beveel het. Abraham was honderd jaar oud toe sy seun Isak vir hom gebore is. Toe sien Sara hoe die seun van Hagar, die Egiptiese slavin, die seun wat sy vir Abraham gebaar het, spot, en sy sê aan Abraham: Jaag hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erwe nie. Hierdie woorde was baie verkeerd in die oë van Abraham vanweë sy seun Ismael. Maar God het aan Abraham gesê: Laat dit nie verkeerd wees in jou oë ter wille van die seun en van jou slavin nie. Verder sê Hy: Luister na Sara in alles wat sy van jou verlang, want deur Isak sal daar vir jou ‘n nageslag genoem word.

Hierdie gebeurtenis het later 'n baie groot betekenis, maar al het Abraham nie verstaan nie, het hy die volgende dag die ma met haar kind die woestyn ingestuur met net 'n sak water. Ismael het nooit weer teruggekom na Abraham nie en het niks van Abraham se rykdom geërf nie. Hy het ook nie gedeel in die verbond wat God met sy broer Isak gemaak het nie. *(Gén. 21)*

Ná hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.

Ons ken die verhaal van Abraham wat vir Isak moes offer, maar wat ons gewoonlik nie opmerk nie is dat God Isak as Abraham se enigste seun noem, tog het Isak 'n broer gehad wat dertien jaar ouer as hy was, naamlik Ismael. Abraham is gehoorsaam en gaan, maar net voordat hy sy seun slag keer 'n engel hom. God erken aan Abraham dat Hy nou weet dat Abraham Hom vrees, omdat hy Isak, sy enigste seun, nie teruggehou het van Hom nie. God het nie van Ismael vergeet nie, want God is volmaak, maar volgens die verbond wat God met Abraham gemaak het is daar vir hom net een seun, naamlik Isak. *(Gén. 22:1-2,12)*

Nadat Sara gesterf het, het Abraham met Ketura getrou en sy het vir Abraham nog ses seuns gebaar. Hoewel Abraham agt seuns in totaal gehad het, het net Isak van sy vader geërf. Vir al die ander seuns het hy geskenke gegee, maar geen erflating. Net so het God nie met Ismael, of met een van die ander ses seuns, 'n verbond gehad nie. Die God van Abraham was nie hulle god nie, maar Hy was net die God van Isak. God se verbond met Abraham was dat Hy vir hom en sy nageslag, deur Isak, 'n God sal wees en hulle vir Hom ‘n volk. *(Gén. 25:1-6)*

## Hoofstuk 3

### Die verbond met Isak en Jakob

En Isak het God gesmeek met die oog op sy vrou, want sy was onvrugbaar; en God het hom verhoor, sodat sy vrou Rebekka swanger geword het. En die kinders het teen mekaar gestoot binne-in haar. Toe sê sy: As dit so gaan, waarvoor leef ek dan? Daarop het sy gegaan om God te raadpleeg. En God het haar geantwoord: *Twee nasies is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en die oudste sal die jongste dien. (Gén. 25:21-23)*

En toe haar dae vervul is dat sy moes baar, was daar 'n tweeling in haar skoot. En die eerste is gebore - rooi, geheel en al soos 'n mantel van hare. Daarom het hulle hom Esau genoem. En daarna is sy broer gebore, terwyl sy hand die hakskeen van Esau vashou. Daarom het hulle hom Jakob genoem. En Isak was sestig jaar oud by hulle geboorte. *(Gén. 25:25-26)*

Hierdie twee seuns van Isak was totaal verskillend. Esau was 'n ervare jagter en Jakob was 'n vredeliewende man wat in tente gewoon het. Isak het vir Esau liefgehad, want hy het van jag en wildsvleis gehou, maar Rebekka het vir Jakob liefgehad. Op 'n dag kom Esau moeg uit die veld en dink dat hy gaan sterf van honger. Hy sien Jakob is besig om lensiesop te maak en smeek hom om hom daarvan te gee. Jakob weet dat Esau eerste gebore was en die eersgeboortereg het, maar hy wil daardie reg hê en bied aan om vir Esau die lensiesop te gee in ruil vir sy eersgeboortereg. Esau het nie baie waarde aan sy eersgeboortereg geheg nie en verag dit deur in te stem en Jakob te ruil. Nou het Jakob wettiglik die eersgeboortereg gekoop. *(Gén. 25:28-34)*

Toe Isak oud geword het en hy sy eersgeborene, Esau, wou seën voordat hy sou sterf het Jakob, sy jongste seun, hom vermom soos Esau en sonder dat Isak dit besef, seën hy vir Jakob met die voorspoed van God: "*En mag God jou gee van die dou van die hemel en van die vet grond van die aarde en oorvloed van koring en mos. Volke sal jou dien, en nasies voor jou neerbuig. Wees 'n heerser oor jou broers, en die seuns van jou moeder moet hulle voor jou neerbuig. Vervloek is hulle wat jou vloek, en geseënd hulle wat jou seën.*" *(Gén. 27:28,29)*

Omdat Jakob Esau voorgespring het en Esau geen seën gekry het nie, wil Esau sy broer Jakob vermoor en daarom vlug Jakob na sy oom Laban, die broer van Rebekka. Op pad na Laban slaap hy in die veld en hy droom van 'n leer wat tot aan die hemel reik waarmee die engele op en af klim. God het bo-aan die leer gestaan en gesê: "*Ek is die God van jou vader Abraham en die God van Isak. Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee; en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide; en in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word. En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en Ek sal jou terugbring in hierdie land; want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou gesê het." (Gén. 28:12-15)*

Dieselfde verbond wat God met Abraham en Isak gemaak het, maak Hy ook met Jakob. Terwyl Jakob by sy oom Laban werk trou hy met Laban se twee dogters Ragel en Lea en saam met hulle elk se slavinne, baar hulle vir hom twaalf seuns. Tussen hierdie twaalf seuns vind daar egter geen uitverkiesing plaas nie en die verbond wat God met Abraham gemaak het, die verbond wat hy met Isak, maar nie met Ismael of sy ses ander broers nie, wat Hy met Jakob, maar nie met Esau gemaak het nie, maak hy nou met al twaalf seuns van Jakob.

Op hulle pad van Laban af terug na Isak toe, ontmoet God vir Jakob in die vlees en Hy worstel met hom tot die oggend toe. God sê vir Jakob om Hom te laat los, want die dag het gebreek, maar Jakob

sê hy sal dit slegs doen as God hom seën. God se seën oor Jakob was om sy naam te verander van Jakob na Israel. Jakob beteken bedrieër, maar Israel beteken om te regeer met God. Van daardie dag af staan hy nie meer bekend as bedrieër nie, maar as regeer met God, nie meer Jakob nie, maar Israel. *(Gén. 32)*

Toe hy terugkom in Paddan-Aram herhaal God weer die verandering van sy naam met die woorde: ”*Ek is God, die Almagtige. Wees vrugbaar en vermeerder. ‘n Nasie, ja, ‘n menigte van nasies, sal van jou afstam, en konings sal uit jou lendene voortkom. En die land wat Ek aan Abraham en Isak gegee het, sal Ek aan jou gee; en aan jou nageslag ná jou sal Ek die land gee.*” *(Gén. 35:11-12)*

Israel het die vader geword van twaalf seuns en hulle het 'n volk geword wat na hulle vader vernoem is, naamlik die Israeliete. Esau het sewe seuns gehad en hulle het 'n ander volk geword, hulle is ook na hul vader vernoem en daarom word hulle Edomiete genoem. Esau en Jakob het baie besittings gehad en daarom het Esau weggetrek en gaan woon in die gebergte Seïr, maar Jakob het in Kanaän gebly.

Nadat Israel se seuns al almal groot was, kom daar 'n groot hongersnood oor Kanaän en hy en al die mense by hom trek na Egipte, sewentig siele in totaal. Hy sterf later in Egipte, maar al sy seuns bly daar en is baie voorspoedig. Die Israeliete, die nakomelinge van Israel, word deur God geseën en hulle vermeerder baie. Soos wat God aan Abraham gesê het, jou nageslag sal vreemdelinge in 'n vreemde land wees, vir vier honderd jaar, so het dit gebeur. *(Gén. 15:13)*

## Hoofstuk 4

**Israel in Egipte.**

Hoewel dit baie voorspoedig gegaan het met Israel in Egipte en hulle baie geword het, het tye verander. 'n Ander koning het in Egipte opgestaan wat Israel as ‘n bedreiging gesien het en het hulle begin verdruk. Farao, die koning van Egipte, gee aan sy hele volk bevel om al die Israelitiese seuntjies wat gebore word, dood te maak.

Die nageslag van Israel roep tot die God van Abraham, Isak en Israel (Jakob) om hulle te verlos en Hy hoor hulle geroep. Die man deur wie God sy volk uit Egipte sou verlos, was Moses. Moses was grootgemaak deur 'n Egiptiese prinses. Op 'n dag gaan Moses as 'n Egiptiese prins, om te kyk hoe dit met sy mede-Israeliete gaan. Hy sien toe hoe 'n Egiptenaar 'n Israelitiese man slaan, en hy tree tussenbeide en slaan die Egiptenaar dood. Net die volgende dag sien hy twee Israelitiese mans baklei en hy stop die geveg deur te vra: “waarom slaan jy jou naaste?” Hoewel Moses in die paleis van Farao grootgeword het, het hy presies geweet wie Israel was en wie Egipte was. Hy het niks daarvan gedink om 'n Egiptenaar dood te maak nie, maar twee Israeliete het net baklei toe berispe hy hulle. Hy het geweet wat die verbond van God met Israel was en dat die Egiptenare geen verbond met die God van Jakob het nie. Moses het ook geweet dat jy nie jou naaste mag doodslaan nie en het dus geweet dat die Egiptenaar nie sy naaste was nie. *(Exo. 2:11-13)*

Omdat Moses die Egiptenaar gedood het, moes hy vlug vir die koning. Hy gaan woon in die land Midian waar hy met die priester, Jetro, se dogter, Sippora, getrou het. Sy het vir hom twee seuns gebaar. In Egipte het dit egter net al erger met Israel gegaan en omdat God 'n verbond met Abraham, Isak, Israel en hulle nageslag het, wou Hy hulle verlos uit Egipte. Die vier honderd jaar waarvan Hy met Abraham gespreek het, was ook aan die einde, dit was tyd.

Die prins van Egipte, naamlik Moses, het intussen 'n skaapboer geword al vir veertig jaar en terwyl hy in die veld is verskyn God, die God van Jakob, aan hom in 'n brandende braambos. God gee Moses opdrag om terug te gaan na Egipte en sy volk van die slawerny uit Egipte te verlos. Moses was 'n gelowige man en was gehoorsaam, maar daar was net een probleem.

In Egipte was baie gode, en God het hom na Farao toe gestuur om vir Farao te sê dat hy die Israeliete moet laat trek op grond van die opdrag van hulle God, maar wie moet Moses vir Farao sê, wie is hierdie God? Tot op hierdie stadium van die mens se bestaan het niemand nog die Skepper se naam geken nie, en Israel het Hom geken as die Almagtige, maar wat moet Moses vir Farao sê? *(Exo. 6:2)*

“*Hierop het Moses tot God gespreek: Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? —wat moet ek hulle antwoord? En God sê vir Moses: **EK IS WAT EK IS**. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur. Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag.*” *(Exo. 3:13-15)*

Die naam van die God van Israel is nie “Here” soos wat dit bekend staan nie, maar sy naam is: **EK IS WAT EK IS**, soos wat Hy vir Moses gesê het. Hierdie naam van Hom is tot in ewigheid en hoewel dit vir ons snaaks klink, het dit tog 'n baie groot betekenis. HY IS... God se naam beskryf sy Wese en karakter. HY IS WAT HY IS en sal nooit verander nie. Hy is Skepper, Hy is die Alfa en die Omega, Hy is die Regter, Hy is liefde, Hy is Waarheid, ens, ens, ens. Sy naam is nie “Ek is leuens” nie, sy naam is nie

"Ek verander van tyd tot tyd" nie, sy naam is nie "Ek pas aan by die mens" nie, sy naam is **EK IS WAT EK IS**.

Moses het Hebreeus gepraat en God het aan hom sy naam in Hebreeus gegee, dus het Hy nie vir Moses "EK IS" gesê nie, want Afrikaans het nog nie bestaan nie. Volgens Hebreeuse taalkundiges is die Hebreeuse vertaling van EK IS, YAH *(YH omdat daar nie klinkers in Hebreeus is nie)*, en EK IS WAT EK IS, YAHWEH. EK IS VERLOSSER is dieselfde God wat met Moses gepraat het wat later mens geword het en aan 'n vloekpaal kom sterf het. Sy naam in Hebreeus is Yahshua, EK IS Verlosser, Yahweh (die Vader) as verlosser (die Seun). Oor die uitspraak en spelling is niemand 100% seker nie, omdat Hebreeus nie meer gepraat word nie en omdat dit ook 'n taal was sonder klinkers. Die **betekenis** van sy Naam bly egter deur alle eeue en tale **presies dieselfde**. *(Exo. 3:14-15)*

Met hierdie naam gaan Moses terug na Egipte en verskyn voor die oudstes van Israel en sê vir hulle: "*Daarom, sê aan die kinders van Israel: Ek is die HERE* (YaHWeH), *en Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei en julle red uit hulle slawerny, en Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte arm en deur groot strafgerigte; en Ek sal julle as my volk aanneem en vir julle 'n God wees. En julle sal erken dat Ek, Yahweh, julle God is wat julle uitlei onder die harde arbeid van die Egiptenaars uit*". Dieselfde woorde was aan hulle voorvaders gesê, Hy sal vir hulle 'n God wees, want hulle is die nageslag van Israel. *(Exo. 6:5-6)*

Moses gaan na Farao en sê vir hom dat hy die Israeliete moet laat trek, maar Farao weier. Selfs na die nege plae wat Egipte getref het, weier hy nog volstrek. Die hael het al die diere doodgeslaan en die plante vernietig, die sprinkane het die oeste opgevreet, die water het in bloed verander, dit was drie dae duisternis en nog ander plae, maar omdat God self Farao se hart verhard het, weier hy dat Israel trek, maar die tiende plaag breek sy weerstand. In een nag sterf al die eersgeborenes in Egipte, behalwe die Israeliete wat gehoorsaam was om die Pasga te hou en die bloed van 'n lam aan hulle deurposte te verf. Omdat God Israel se God is, tref nie een van die tien plae hulle nie, maar dit breek die Egiptenare. *(Exo. 12)*

Na die tiende plaag vra Farao die Israeliete om te trek. God bewerk dit so dat die Egiptenare baie geskenke aan die Israeliete gee met hulle uittog uit Egipte. Op een dag trek die hele Israel uit Egipte en 'n groot hoofstuk in die geskiedenis van Israel kom tot 'n einde.

# <u>Hoofstuk 5</u>

**Israel trek uit Egipte.**

Nadat die Farao Israel laat trek het, verhard Yahweh weer die hart van Farao en hy besluit om Israel agterna te jaag en terug te bring na Egipte. Toe die weermag van Farao hulle inhaal, is hulle juis by die Rooi See en is toe vasgekeer tussen die see, die berge en die Egiptiese soldate. Die Israeliete roep tot Moses om hulle te red en hy antwoord hulle: "*Maar Moses het aan die volk gesê: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van Yahweh wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie. Yahweh sal vir julle stry, en julle moet stil wees.*" *(Exo. 14:13-14)*

God stry vir sy volk, sy uitverkorenes met wie se voorvaders Hy 'n verbond gemaak het, teen die Egiptenare en Hy kloof die Rooi See voor hulle oë sodat hulle droogvoets kan deurstap, maar toe die Egiptenare hulle agterna jaag maak die see weer toe agter die Israeliete en die hele leër van Farao verdrink in die vloedwater. Nou was Israel totaal verlos van Egipte. Hulle is anderkant die see en die Egiptenaars se koning met sy weermag is verwoes. God het Israel verlos. God sê dat Hy Homself verheerlik daarin dat Hy Farao se hart verhard, sodat Farao in die gevaar ingestorm het en God hom so kon vernietig. *(Exo. 14)*

Yahweh lei die Israeliete tot by die berg Sinai waar Hy Homself aan hulle wil openbaar as hulle God. Hulle het so pas gesien hoe Hy oor die Egiptenaars voel, maar hoe voel Hy oor die Israeliete? Soos wat God 'n verbond met Abraham gemaak en herhaal het, so het Hy gedoen met Isak en Israel en met die twaalf seuns van Israel, net so doen Hy by Sinai met die nakomelinge van die twaalf seuns van Jakob (Israel) dieselfde. *(Exo. 18)*

By die berg Sinai aangekom, beveel God vir Moses om teen die berg op te klim en daar maak God sy hart oop teenoor die Israeliete met die woorde: "*So moet jy aan die huis van Jakob sê en aan die kinders van Israel verkondig: Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het. As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.*" *(Exo. 19:3-6)*

In kort sê God vir Israel dat die hele aarde syne is en Hy kan daarmee doen wat Hy wil, maar Hy het besluit om een volk uit al die volke uit te kies wat sy volk is en die ander volke kies Hy nie om sy volk te wees nie, maar Hy handel met hulle soos wat Hy so pas met die Egiptenare gehandel het. Hy gee ook aan Israel sy verbond en die voorwaardes waaraan hulle moet voldoen. Hulle het reeds die besnydenis ontvang deur Abraham, toe die Pasga net voor hulle uit Egipte getrek het en nou by die berg Sinai, kry hulle die res van die verbondvoorwaardes.

Vir die eerste keer verklaar God sy rede hoekom Hy Israel uitverkies het uit al die ander nasies. Hoekom Hy Egipte verwoes het en Israel verlos het. Hoekom Hy Jakob uitverkies het, maar sy ouer broer Esau nie. Isak uitverkies het, maar sy sewe broers nie.

God se eie woorde ruk ons tot stilstand en ons word gedwing om alles te heroorweeg wat ons ooit van Hom gedink het. *(Deut. 7:6-8)*

Hy sê aan Israel: "*Want jy is 'n volk heilig aan Yahweh jou God; jou het Yahweh jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Yahweh het 'n welgevalle aan julle*

*gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat Yahweh julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het Yahweh julle met ‘n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.*"

God self gee twee redes waarom hierdie spesifieke volk voor Hom staan en nie die Egiptenare of enige ander volk nie. Eerstens het Hy 'n verbond gemaak wat Hy moet nakom, want HY IS WAT HY IS en kan nie teruggaan op sy woord nie. Hy het vir Abraham, Isak en Israel gesweer dat Hy vir hulle nageslag wat uit hulle gaan voortkom, 'n God sal wees.

Tweedens maak Hy sy hart oop vir mense. Hy die Almagtige Skepper wat IS, nog lank voor die aarde bestaan het. Hy voor wie die engele en hemelwesens buig om Hom te aanbid. Hy maak sy hart oop vir Israel en sê vir hulle dat Hy hulle uitverkies het uit al die nasies wat op die aarde is, omdat Hy hulle liefhet. God het dus vir Israel lief, maar nie vir Egipte nie. As God Egipte ook liefgehad het, wat het dan nou net met hulle gebeur in Egipte en in die Rooisee en waarom staan hulle nie ook by Sinai om God se liefdesverbond te ontvang nie? God het net een volk lief en dit is Israel en Hy sê dat Hy nie kan verander nie en sy liefde kan nie verander nie, HY IS WAT HY IS. *(Deut. 7:6-8,12-13,16,21,23-24)*

En verder sê Hy: Kyk, aan Yahweh jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. Maar net aan jou vaders het Yahweh ‘n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is. *(Deut. 10:14,15)*

Net soos wat Moses met die Egiptenaar gehandel het, net so het God gehandel met die Egiptenaars en net soos wat Moses die twee Israeliete vermaan het wat geveg het, net so vermaan God sy volk deur te sê: Jy mag jou broer in jou hart nie haat nie. Jy moet jou naaste vrymoedig berispe, sodat jy om sy ontwil geen sonde op jou laai nie. Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is Yahweh.

Die kinders van jou volk is die ander Israeliete en hulle is jou naaste, maar soos Moses en God self gedemonstreer het, is die Egiptenare nie hulle naaste nie. *(Lev. 19:18)*

## Hoofstuk 6

### Israel in die beloofde land

Yahweh kom sy belofte aan sy uitverkore volk na en lei hulle die beloofde land in. Dieselfde volke wat reeds in Abraham se tyd in Kanaän gebly het, bly nog steeds daar en daar het nog ander volke hulle in die land gevestig. Op die stadium wat Israel by die grense van Kanaän arriveer, was daar sewe ander nasies daar woonagtig. God het egter nie vir sy volk Israel gesê om in vrede en harmonie saam met hierdie nasies in Kanaän te bly nie, maar Hy het hulle beveel om hierdie sewe nasies uit te roei deur hulle met die banvloek te tref, man, vrou, oumens en kind. *(Deut. 4:37-39, Deut. 7:1-2)*

Hierdie sewe nasies was deur die magtige hand van God uit Kanaän verdryf, sodat die nageslag van Abraham, Isak en Jakob daarin kon bly, omdat Hy dit aan die aartsvaders van Israel belowe het. Moses het in die woestyn gesterf en Israel was deur Josua die beloofde land ingelei. Na Josua se dood het God sy volk gerig en gelei deur rigters, priesters en profete.

Nadat Israel reeds lank gevestig was in Kanaän, het hulle vir die profeet Samuel gesê dat hulle ook 'n koning wil hê soos wat die ander volke rondom hulle het. Samuel wou eers nie, maar God het vir hom gesê om Saul as koning oor die twaalf stamme van Israel te salf. Saul was egter nie 'n goeie koning nie en was nie aan God gehoorsaam om sy opdragte uit te voer nie. God wou Saul en sy nageslag bevestig as die konings van Israel tot in ewigheid, maar omdat Saul ongehoorsaam was, het Hy die koningskap van hom af weggeneem en dit aan Dawid gegee.

Dawid het as jong seun die reus en krygsman, Goliat, met 'n slingervel verslaan omdat hy 'n vaste vertroue en geloof in Yahweh gehad het. Op daardie stadium was Saul nog die koning oor Israel en hy het dadelik Dawid in sy oorloë gebruik. Omdat Dawid altyd in Yahweh geglo en vertrou het, het hy nooit in sy lewe 'n oorlog verloor nie. God het hom altyd die oorwinning gegee. Koning Saul het later bedreig gevoel deur Dawid se sukses en dat Dawid geseënd was in alles wat hy gedoen het en het toe probeer om hom dood te maak.

Hoewel Saul vir Dawid met die hele weermag van Israel vervolg het, was hy nooit in staat om hom in te haal en dood te maak nie. Na Saul se dood word Dawid eers net koning oor die twee stamme van Juda, (Dawid se stam) en Benjamin. Die ander tien stamme het die seun van Saul koning oor hulle gemaak, maar na sewe jaar het Dawid die koningskap oor die ander tien stamme ook gekry en het toe oor al twaalf stamme regeer. Nooit het Dawid van sy God vergeet nie, maar elke dag het hy net meer en meer in 'n verhouding met sy God geleef. Dawid was 'n man na God se hart.

God was baie lief vir Dawid en Dawid was baie lief vir God en daarom het God met Hom ook 'n verbond gesluit. Met hierdie verbond het God aan Dawid belowe dat sy nageslag die konings oor Israel sal wees. Wanneer daar 'n koning oor Israel is, sal daardie koning die seun, of kleinseun, of agterkleinseun in hulle nageslagte van Dawid wees, tot in ewigheid.

Dawid sterf as 'n geëerde en gehoorsame koning aan Yahweh, en sy seun Salomo word in sy plek koning. Salomo word koning oor die magtigste volk van sy tyd en hulle is 'n menigte, soos wat die belofte aan Abraham was. As jong koning verskyn Yahweh aan hom in 'n droom en vra hom wat hy wil hê. Salomo vra wysheid, sodat hy hierdie groot volk van Yahweh kan lei. Omdat hy wysheid gevra het en nie rykdom of 'n lang lewe nie, gee Yahweh dit ook aan hom.

Salomo was die wysste en ook rykste mens wat ooit geleef het. Ander konings het van oral gekom om net na sy spreuke en wysheid te luister en na sy skatte en rykdom te kyk. Hy het ook 'n magtige

weermag gehad en niemand het kans gesien om teen hom oorlog te maak nie. Koning Salomo se ryk was waarlik dit wat Yahweh in gedagte gehad het toe Hy aan Abraham die land Kanaän belowe het.

Salomo het egter een probleem gehad, vroue. Omdat hy die koning was kon hy soveel vroue hê as wat hy wou, maar volgens God se gebod kon hy nie net kry wie hy wou nie. Omdat hy 'n Israeliet was, mag hy net vroue uit die volk Israel geneem het, maar Salomo het uitlandse vroue met liefde aangehang. En hy het sewe honderd vroue, vorstinne, gehad, en drie honderd byvroue, sodat sy vroue sy hart verlei het. En in die tyd van Salomo se ouderdom het sy vroue sy hart verlei agter ander gode aan, sodat sy hart nie volkome met Yahweh sy God was soos die hart van sy vader Dawid nie. *(1 Kon. 11:2-4)*

Salomo het nie veel daarvan gedink om God se gebod te oortree nie en hy het selfs vir hom 'n vrou geneem uit Egipte. Daarom het Yahweh vir Salomo gesê: Omdat dit so ver is met jou dat jy my verbond en my insettinge wat Ek jou beveel het, nie hou nie, sal Ek verseker die koningskap van jou afskeur en dit aan jou dienaar gee. *(1 Kon. 11: 11)*

Saul was die eerste koning van Israel en die dag toe hy God ongehoorsaam was, het God die koningskap van Israel van hom weggeneem en aan Dawid gegee. Dawid was nie Saul se nageslag nie en Saul se nageslag het dus die koningskap verloor. Nou het dieselfde situasie met Salomo ontstaan. Hy is ook ongehoorsaam soos Saul en dieselfde moet met hom gebeur, maar daar is een probleem. As Yahweh sy eie wil kon laat geskied, sou Hy die koningskap van Salomo afskeur, maar tussen Hom en hierdie handeling is 'n belofte wat Hy aan Dawid gemaak het. God het belowe dat Dawid se koningskap tot in ewigheid sal bestaan deur sy nageslag en dit beteken dat Salomo se seun in Salomo se plek moes koning word.

God se woorde aan Salomo was: "*Maar in jou dae sal Ek dit nie doen nie ter wille van jou vader Dawid; uit die hand van jou seun sal Ek dit afskeur. Maar Ek sal nie die hele koningskap afskeur nie; een stam sal Ek aan jou seun gee ter wille van my kneg Dawid en ter wille van Jerusalem wat Ek verkies het.*" Dit beteken dat Salomo tot aan die einde van sy eie lewe sal regeer as koning oor al twaalf stamme, maar wanneer sy seun koning word in sy plek, sal Yahweh elf van die twaalf stamme van hom wegneem en dat sy seun net koning gaan wees oor die stam van Dawid, naamlik Juda. Die ander stamme sal 'n ander koning hê. *(1 Kon. 11: 12-13)*

Hierdie is 'n baie groot gebeurtenis in die geskiedenis van die volk Israel. Twaalf seuns van Israel met hulle kinders het in Egipte beland en saam het hulle daar 'n lewe gemaak. Saam was hulle verdruk en as slawe behandel. As twaalf stamme het hulle die tien plae gesien en die wonder van die Rooi See beleef. Saam het hulle deur die woestyn getrek en saam het hulle geveg in die land Kanaän om die ander nasies te verdryf en saam het hulle 'n koning gekry. Maar hier hou 'saamwees' op, want die ryk van Israel verdeel nou in twee ryke met twee aparte konings en twee aparte koninkryke.

In die noorde was die ryk van Israel en in die suide was die ryk van Juda. Omdat Jerusalem in die suide was en almal wat deel van God se verbond was daar moes gaan offer, het die nuwe koning van die noorde van die huis van Israel besluit om vir sy volk afgode te maak in Samaria, sodat hulle daar kon aanbid en nie hoef te reis na Jerusalem nie. Jeróbeam was hulle koning en hy het gedink as sy volk suid gaan na Jerusalem, sal hulle ook teruggaan na hulle ou koningshuis van Dawid waar sy seun Rehábeam nou koning was. Om dit te verhoed, het Jeróbeam die huis van Israel na afgodery gelei en al die konings van Israel wat ná hom regeer het, het in sy afgodery gewandel en daarin volhard. Die huis van Juda in die suide, het egter volhard daarin om Yahweh te aanbid.

## Hoofstuk 7

### God waarsku Israel deur sy profete

Nou was die skeiding tussen Juda en Israel gevestig en hulle was twee verskillende volke met verskillende konings en grondgebied en soms het hulle selfs teen mekaar oorlog gevoer. Ons lees van verskillende profete wat namens Yahweh opgetree het en dit is belangrik om te weet of hulle met Israel, of met Juda gepraat het. Juda was 'n volk wat meestal in Yahweh se weë gewandel het, maar Israel het nooit 'n koning gehad wat Hom gedien het nie. Profete soos Elia en Elisa het nie opgetree in die land van Juda nie, maar in die land van Israel. Al hierdie profete wat deur God gestuur was om sy volk te vermaan om hulle tot Hom te bekeer, was deur die konings van Israel gehaat en die konings het die afgode van die ander nasies aanbid.

Maar Yahweh was hulle genadig en het ter wille van sy verbond met Abraham, Isak en Jakob, Hom tot hulle gewend en Hom oor hulle ontferm. Hy wou hulle nie vernietig nie en het tot nog toe nie hulle van sy aangesig weggewerp nie. *(2 Kon. 13: 23)*

Die huis van Israel was amper twee honderd jaar oud toe God besluit om 'n einde daaraan te maak. Hy sou nie net die koningskap wegneem nie, maar die hele koninkryk van Israel opbreek. Hy sal net 'n God wees vir die huis van Juda en nie meer vir die huis van Israel nie. God het aan Abraham, Isak en Israel belowe om vir hulle nageslag ‘n God te wees en nou het Hy op die punt gekom waar Hy dit wil staak, maar weereens is daar 'n gelofte tussen Hom en dit wat Hy sou wou doen. As dit nie vir daardie gelofte was nie, was die huis van Israel vir seker afgesny van hulle God.

Die finale profeet wat Yahweh gebruik om die huis van Israel te waarsku teen hulle afvalligheid, was Hoséa. Die boek van Hoséa gaan oor die bekendmaking van God se opheffing van sy verbond met die huis van Israel, nie Juda nie.

Hoséa kry 'n opdrag van God om met 'n hoer te trou. Hierdie hoer is 'n vrou wat afvallig is van haar eie man en in verhoudings met ander mans gaan terwyl sy getroud is met haar eie man. Die rede waarom die profeet van God met 'n hoer moes trou, was vir die vergelyking, die teëbeeld met die verhouding van Yahweh met die huis van Israel. (Nie Juda nie, maar Israel.) Net soos Hoséa se vrou met ander mans gehoereer het terwyl sy met hom getroud was, net so doen die huis van Israel met Yahweh.

Hierdie illustrasie gaan egter verder nadat sy swanger word en vir die profeet Hoséa, 'n kind baar. God gee Hoséa opdrag om hierdie kind Jísreël te noem, want die naam beteken “Hy gaan 'n einde maak aan die koninkryk van Israel”. Israel was 'n koninkryk en Juda was 'n koninkryk, maar Hoséa se profesie sê dat God 'n einde gaan maak aan die koninkryk van die huis van Israel. Die huis van Juda is nie hierby betrokke nie.

Die tweede kind word Lo-Rugáma genoem, want Yahweh sê “Hy gaan Hom nie meer oor die huis van Israel ontferm deur hulle vergifnis te skenk nie”. Hy gaan hulle dus nie meer vergewe vir hulle afvalligheid en afgodeaanbidding van die afgelope twee honderd jaar nie. “Lo” beteken “nie” en “Rugáma” beteken “begenadig”. “Lo-Rugáma” beteken dus “nie begenadigde”.

Die derde en laaste kind word Lo-Ammi genoem en dit beteken, “nie my volk”. Hierdie skokkende woorde beteken dat die huis van Israel nie meer die volk van God is nie en Hy nie meer hulle God nie. Hulle is nou soos al die ander nasies wat nie by die berg Sinai was nie, heidene. Daardie ander volke wat nie deel van die verbond van Jakob was nie. Nadat hierdie gebeurtenis afgehandel was, het

hierdie mense as heidene bekend gestaan, omdat hulle nie meer deel van die volk van God was nie. *(Hos. 1: 1-9)*

Maar wat dan van die verbond met Abraham, Isak en Jakob? Kan God hierdie verbond net verbreek as Hy nie meer wil voortgaan nie? As Hy sy woord gegee het aan Abraham en aan Isak en weer aan Jakob, kan Hy sy woord net verbreek? Dit sal van Hom iemand maak wat Hy sê Hy nie is nie. Hy sê dat Hy nie kan lieg nie, maar wat sal Abraham van Hom sê wanneer hulle weer ontmoet? Sal Abraham die Almagtige glo indien Hy weer iets aan hom sou belowe met 'n eed? Hierdie is dus nie 'n maklike situasie waarvan die Almagtige net kan af wegstap nie. Net soos wat Hy nie net die koningskap van Salomo kon wegneem nie, net so kan Hy nie net die verbond van hierdie mense af wegneem nie. Dit is wel so dat niks vir God onmoontlik is nie, maar Hy lieg nie en Hy gaan nie terug op sy beloftes nie, want Hy is geregtigheid.

Die profesie deur die lewe van Hoséa gaan nog verder. "Lo-Ammi" beteken "Nie My volk nie en Ek sal nie julle s'n wees nie". Maar Yahweh het nog nie klaar gepraat nie, want Hy sê dadelik: "**Nogtans** sal die getal van die kinders van Israel wees soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie—sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende God. Dan sal die kinders van Juda en die kinders van Israel almal saam vergader en vir hulle een hoof aanstel en uit die land optrek; want groot is die dag van Jísreël! Sê aan julle broers: Ammi *(My volk)*, en aan julle susters: Rugáma *(Begenadigde)*."

Yahweh sê dus dat hoewel Hy die huis van Israel, "Nie My Volk" noem, gaan hulle wel weer later "My Volk" genoem word. God verbreek die verbond met die huis van Israel omdat hulle hoereer, maar Hy gaan weer die verbond herstel, want Hy het 'n ewige verbond met Abraham, Isak en Jakob gemaak en Hy breek nie 'n verbond nie.

Hierdie gebeurtenis is die sleutel van die evangelie rondom die volk van God se uitverkiesing en die mense wat dit nie weet nie en nie insien nie, sal die verhouding van God met sy volk in die nuwe verbond nie kan verstaan nie. Hierdie kennis word ook opsetlik van ons af weggehou deur die Satan, sodat ons nie moet verstaan nie. Omdat ons nie verstaan nie, kan hy sy agenda suksesvol uitrol en die volk van God weet nie dat hulle die volk van God is nie.

Die gevolg van hierdie woorde van Yahweh deur die profeet Hoséa, was dat die huis van Israel deur God afgesny was en in ballingskap weggevoer was na die Assiriese ryk. Die noordelike stamme van Israel word slawe van die Assiriërs en al die mense in Israel wat sterk, slim, mooi en jonk is, gaan uit die land Kanaän, na Assirië toe. Hierdie stamme van Jakob keer toe nie weer terug na die beloofde land toe nie, maar bly in Assirië totdat die Assiriese ryk ook val met die totstandkoming van die Babiloniese ryk.

Die tien stamme versprei van Assirië af na Babilon toe en verder deur die hele wêreld, maar hulle bly nog steeds die nakomelinge van Jakob en daar is nog steeds 'n verbond wat hang oor hulle en wat wag om herstel te word, al is hulle op hierdie stadium heidene en sonder 'n God. God het aan die stamvaders 'n belofte gemaak en Hy sal dit hou; Hy sal hulle nageslag se God wees tot in ewigheid.

Omdat hulle die seën van Jakob gekry het, is hulle baie voorspoedig in al die lande waar hulle kom en styg baie gou uit tot die hoogste vlak van alle dele van die samelewing.

Jare nadat Israel in ballingskap weggevoer was, bevestig Yahweh nog steeds sy getrouheid deur sy belofte aan hulle te herhaal met die woorde: "*So sê die HERE wat die son gee tot 'n lig oordag, die ordeninge van die maan en van die sterre tot 'n lig in die nag; wat die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis, HERE van die leërskare is sy Naam: As hierdie verordeninge voor my aangesig sal wyk,*

*spreek die HERE, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor my aangesig vir altyd. So sê die HERE: As die hemele daarbo gemeet en die fondamente van die aarde daaronder nagespeur kan word, dan sal Ek ook die hele nageslag van Israel verwerp weens alles wat hulle gedoen het, spreek die HERE." (Jer. 31: 35-37)*

Die Almagtige roep die vaste getuies in die skepping, naamlik die son, maan, sterre en die see om aan die mense te bewys hoe ernstig Hy oor sy belofte aan die aartsvaders is. Ons leef vandag meer as twee duisend jaar na hierdie bevestiging van die verbond en vandag nog getuig hierdie verordeninge van God se verbond met die nageslag van Jakob. Solank as die son daar buite skyn en die maan getrou in sy baan om die aarde gaan en al die sterre elke aand die hemelruim oordek, sal God se verbond met die hele nageslag van Israel geldig wees.

Iemand wat nog nooit van hierdie evangelie gehoor het nie, mag dalk op hierdie stadium baie ongemaklik begin voel, maar dink daaraan, alles wat ons nog sover behandel het, is Skriftuurlik.

Kom ons kyk verder wat gebeur met Israel, die volk van God.

# Hoofstuk 8

## God waarsku Juda deur sy profete

Nadat die stamme van Israel in die noordelike deel van Kanaän in ballingskap weggevoer was, het Yahweh sy verbond met Juda volgehou. Juda was 'n standvastige en gelowige volk en het ook hulle land Juda genoem. Met tyd was daar ook na hulle verwys as Jode as gevolg van die grondgebied Juda en hulle geloof.

Omdat die noordelike stamme in die geheue van Juda begin verdwyn het en hulle die enigste volk was wat met Yahweh 'n verbond gehad het, het hulle later ook as Israel bekend gestaan; hulle was vir die laaste 400 jaar voor Christus die enigste Israeliete met 'n wettige verbond met God. God het immers met Israel 'n verbond gesluit en nadat Hy die ander stamme verstrooi het, is hierdie stam van Juda die volle som van Israel en daarom word na hulle verwys as Israel. Die stamme wat verstrooi is, was nie vernietig nie, maar wagtend op die belofte van die herstel van die verbond met Yahweh. Hulle word egter heidene genoem.

Daar was dus Israeliete en Israeliete. Die woord Israel kan verwys na die mens Jakob wat se naam verander was na Israel. Die woord Israel kan ook verwys na al twaalf die stamme van die volk Israel. Nadat die ryk in twee gedeel het, verwys die woord Israel na die noordelike ryk en Juda na die suidelike ryk. Nadat die noordelike ryk van Israel weggevoer was in ballingskap, beteken Israel die suidelike ryk van Juda. In die tyd wat Jahshua op die aarde was, het Juda ook as Israel bekend gestaan, maar nadat die verbond met die geskeide stamme herstel was deur die dood van Jahshua, staan al twaalf stamme weer bekend as Israel. Die baie belangrike gevolgtrekking wat ons dus moet maak, is dat ons moet weet van watter tydvak ons praat voordat ons sal weet na wie daar verwys word, as daar gepraat word van Israel. Moenie net hoor of lees van Israel en aanneem wie dit is nie. Kyk in watter tyd dit was.

Juda se konings het later ook die pad van ongehoorsaamheid gekies en die volk in die duister ingelei. Deur Yahweh se profete het Hy Juda gewaarsku dat indien hulle hul nie bekeer van hul verkeerde weë nie, dieselfde met hulle gaan gebeur as wat met Israel gebeur het. Die profeet Jeremia was een van die laaste profete wat gewaarsku het en reeds tydens sy lewe, word Juda in ballingskap weggevoer Babel toe. Anders as met Israel, breek Yahweh nie sy verbond met hulle nie en tydens die ballingskap het God nog steeds ‘n verbond met Juda. Dink as voorbeeld aan die profeet Daniël wat self na Babel weggevoer was.

Daniël was as jong seun weggevoer na Babel en in Babel tree hy as profeet op vir die volk Israel. Hy is ook die een wat Jeremia se profesieë gelees het dat die ballingskap net sewentig jaar sal wees en dat Juda dan weer kan terugkeer na die land Juda. *(Jer. 29: 10-14)*

Die land Juda, wat eers net 'n deel van Kanaän was, het aan Juda behoort en hulle hoofstad was Jerusalem. Nadat die koning van Babel die stad oorwin het, het die hele land van Juda deel van die koninkryk van Babel geword. Dit was nou net een van die provinsies van Babel en het nog steeds as Juda bekend gestaan. Die bewoners van Juda het as Jode bekend gestaan en dit het meer mense ingesluit as net lede van die stam van Juda.

Nadat Juda weggevoer was na Babel het die koning van Babel, Nebukadnésar, ander nasies in die provinsie Juda laat bly, sodat die land nie wild word en vervalle raak nie. Sommige van hierdie mense wat in die provinsie Juda gevestig het en daar gebly het, was ook Jode genoem. Daar was dus lede van die stam van Juda wat Jode genoem was, maar dan was daar ook mense wat in die provinsie

Juda gevestig het en wie se kinders daar gebore was wat ook Jode genoem was, maar nie van die stam van Juda was nie.

Die benaming Jood was dus nie meer 'n presiese beskrywing van 'n volk nie. Daar was dus Jode en Jode.

Na sewentig jaar van Juda se Ballingskap was die Babiloniese ryk nie meer die heersers oor Juda nie, maar die Mede en Perse wat die ryk van die Babiloniërs verower het. Koning Kores van die Mede en Perse was deur Yahweh gebruik om sy volk, op hierdie stadium net Juda, in die provinsie Juda te hervestig. Koning Kores het geld gegee om die tempel van Jerusalem en die muur wat afgebreek was, te herbou. Baie mense van die stam van Juda wat in ballingskap weggevoer was, het die geleentheid gebruik om terug te gaan na Juda, maar ander was in Babel gebore en het daar goeie lewens gelei en het besluit om daar te bly.

Sommige van die mans wat wou teruggaan na Juda was egter getroud met vroue wat nie uit Israel se nageslag was nie en hulle moes hulle vrouens en kinders agterlaat in Babilon. *(Esr. 9:1-3, 10:10-44)* Daar is 'n volledige register in die Bybel opgeteken van al die mense wat teruggegaan het om Jerusalem te herbou. Die provinsie Juda het egter nie weer die eiendom van die huis van Juda geword nie, maar was nog steeds deel van die Mede en Persiese ryk. Hierdie terugkeer na Jerusalem het omtrent vyf honderd jaar voor die geboorte van Christus gebeur. Van die ander nasies wat reeds in Juda woonagtig was wou die Jode vanuit Babilon help met die herbou van die tempel en die muur, maar was verbied en hulle het toe die herstelwerk gesaboteer.

Voordat God Juda weggestuur het in ballingskap maak hy 'n baie groot aankondiging deur die profeet Jeremia. Yahweh sê dat Hy die verbond wat Hy met die aartsvaders gemaak het, gaan vervang met 'n nuwe verbond. Jeremia leef in die tyd voor- en tydens die Babiloniese ballingskap van Juda. Die ander stamme was dus reeds verstrooi en weggevoer en mens sou dink dat hierdie nuwe verbond net met Juda sal wees, maar Yahweh sê pertinent: "*Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit;*" *(Jer. 31: 31)*

Die huis van Israel was reeds lankal terug weggevoer in ballingskap en die huis van Juda was op die punt om ook in ballingskap te gaan, maar Yahweh het nie sy verbond met een van hulle vergeet nie. Wanneer Hy dus 'n nuwe verbond met hulle maak, is dit weer met albei hierdie huise. Hierdie nuwe verbond is die beter verbond wat beter beloftes het. Die ou verbond se beloftes was in staat om vir hulle die land Kanaän te laat beërwe, maar die nuwe verbond tussen Yahweh en die twaalf stamme se beloftes, is in staat om hulle die ewige lewe te gee.

"*So spreek Yahweh, die God van Israel: Skryf vir jou in 'n boek al die woorde wat Ek met jou gespreek het; want kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander, sê die HERE; en Ek sal hulle terugbring in die land wat Ek aan hulle vaders gegee het, en hulle sal dit in besit neem. En dit is die woorde wat die HERE gespreek het oor Israel en Juda.*" *(Jer. 30:2-4)*

Israel was reeds geskei en in ballingskap vir jare en Juda was op die punt om weggevoer te word en tog spreek die getroue God van Israel hulle aan met hierdie bemoedigende, liefdevolle woorde. Hoewel die koninkryk van Israel lank reeds vernietig was en niemand meer weet waar die stamme van Israel hulle bevind nie, belowe Hy verlossing en herstel aan hulle, tesame met Juda. Yahweh belowe ook om hierdie verstrooide stamme saam met Juda terug te bring na die land wat Hy aan hulle vaders belowe het. Dit het nog nie gebeur nie en mens wonder hoe letterlik mens die Almagtige kan opneem. Indien ons elke woord glo wat Hy sê, as ons dus gelowiges is, sal ons dit glo soos 'n kind.

## Hoofstuk 9

### Die nuwe verbond

Die doel van die nuwe verbond het nie soos die ou verbond gegaan oor die loon in die vlees nie, maar die verlossing van die siele van die ewige dood. EK IS wat met Abraham, Isak en Jakob gepraat het, word self 'n mens sodat Hy as mens die prys vir die mens kan betaal. In Hebreeus is sy Naam Yahshuah. Yah beteken EK IS en shuah beteken Verlosser, EK IS VERLOSSER en dit is waarom hy na die aarde gekom het, om sy volk van hulle sondes te verlos. Yahweh het nie verdwyn terwyl Hy Yahshuah is nie, Hy is gelyktydig Vader en Seun. Vir ons is dit moeilik om te verstaan en te begryp, maar vir Hom is dit nie, daarom is ons die mens en Hy die God. Sodra ons Hom kan begryp, is Hy net soos ons en nie meer God nie. In die Afrikaanse Bybel word Hy egter Jesus genoem, Jesus is 'n Griekse naam en die herkoms en betekenis is onduidelik.

Maria is die vrou wat deur Yahweh gekies was om die Verlosser in die wêreld te bring. Sy was verloof aan Josef, maar voordat hulle getrou het en voordat sy met 'n man gemeenskap gehad het, word sy deur die Gees van Yahweh bevrug. Omdat dit vir Josef 'n skok was dat sy swanger was en aan hom verloof was, het hy besluit om in die geheim van haar te skei.

Terwyl hy dit nog in gedagte gehad het, verskyn 'n engel van Yahweh aan hom en maan hom om nie van haar te skei nie, "want", sê hy, "dit wat in haar verwek is, is van die Heilige Gees". Verder sê die engel: "*en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Yahshuah noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.*" Hierdie is die belofte van Yahweh aan sy volk dat Hy met hulle 'n nuwe verbond maak, en hierdie verbond sal sy volk se sondes van hulle wegneem. *(Matt. 1:20-21)*

'n Soortgelyke ding gebeur met Maria. Voor sy swanger geword het verskyn die engel Gabriël aan haar om die swangerskap aan haar bekend te maak. Die engel sê vir haar: "*En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Yahshuah noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie." (Luk. 1:31-33)*

Die engel kondig die geboorte van die Verlosser aan en daarmee saam maak hy ook ander aankondigings:

1. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word.

2. Yahweh sal aan Yahshuah die troon van Dawid gee. Dawid was diè koning van Israel aan wie God belowe het dat sy nageslag die persone sal wees wat op sy troon sal sit. Yahshuah is gebore uit die geslag van Dawid, uit die stam van Juda en hier sê die engel dat Hy op daardie troon sal sit. Weereens moet ons self besluit hoeveel ons God op sy woord vat.

3. Hy sal koning wees oor die huis van Jakob. Die huis van Jakob is die twaalf seuns van Jakob en hulle nageslagte waarvan Dawid reeds ook koning was. Nou sê die engel dat Yahshuah die vervulling is van die belofte wat Yahweh aan Dawid gemaak het, want Yahshuah gaan koning wees tot in ewigheid. *(Matt. 1:20-23)*

Sagaria, die vader van Johannes die doper, word deur die Heilige Gees vervul en hy aanbid Yahweh met die volgende woorde toe hy bewus word van die koms van die Messias: "*Geloofd sy Yahweh, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het, en 'n horing van heil vir ons opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg— soos Hy gespreek het deur die mond van*

*sy heilige profete van ouds af— redding van ons vyande en uit die hand van almal wat vir ons haat, om barmhartigheid te bewys aan ons vaders en aan sy heilige verbond te dink, aan die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader, om aan ons te gee dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien,” (Luk. 1:69-74)*

Sagaria het nie uit homself gepraat en 'n mooi gebed gedoen omdat hy 'n priester was nie, maar die Heilige Gees, God self, het deur hom gespreek. Sagaria sê dat die koms van die Verlosser gebeur omdat Yahweh dink aan die verbond wat Hy gemaak het met die vaders, naamlik Abraham, Isak en Jakob, en hierdie verbond was dat Hy vir hulle 'n God sou wees en hulle vir Hom 'n volk sou wees.

Moses was die middelaar van die eerste verbond wat God met Israel by Sinai gemaak het en Yahshuah is die Middelaar van die tweede verbond wat God met Israel gemaak het. In Jeremia 31:31-34 het Yahweh aan die huis van Israel en die huis van Juda belowe dat Hy met hulle 'n nuwe verbond sal sluit. Israel was reeds afgesny van die verbond en verstrooi en Juda was op pad na ballingskap toe Yahweh hierdie belofte gemaak het. Nou, met die koms van Yahshuah gaan hierdie belofte in vervulling en die boek Hebreërs, in die nuwe testament, haal presies hierdie profesie van Jeremia aan wanneer hy sê: “ *Maar nou het Hy ‘n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van ‘n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is. Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir ‘n tweede gesoek word nie. Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here. Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.” (Heb. 8:6-10)*

Die profesie uit Jeremia en Hebreërs sê die volgende:

1. Albei die verbonde was met die huis van Israel en die huis van Juda

2. Dit is 'n nuwe verbond met beter beloftes

3. Die nuwe verbond was met die huidige hoorders se vaders gemaak. Die eienaars van die nuwe verbond se ouers was dus by die berg Sinai om die eerste verbond te ontvang. Gevolgtrekking: niemand wie se ouers nie by Sinai was nie, het enige reg op die nuwe verbond nie.

4. Hulle wat uit Egipte uitgelei was en by die berg Sinai was, is die twaalf stamme van Israel en hulle wat die eienaars van die nuwe verbond is, is die nageslag van die twaalf stamme van Israel.

Net soos die ou verbond tussen Yahweh en sy uitverkore volk was, net so is die nuwe verbond ook tussen Yahweh en sy volk. Di’s wel 'n nuwe verbond, maar met dieselfde volk. Di’s soos om 'n nuwe verbond met jou bank te gaan maak oor die lening van jou huis. Jy kan nie na die bank toe gaan en vra vir 'n NUWE ooreenkoms as jy nie al reeds 'n OU ooreenkoms het nie. Yahweh kan nie met die Egiptenare of die Edomiete 'n nuwe verbond maak as Hy nie reeds met hulle 'n ou verbond gehad het nie. Die enigste volk in die geskiedenis wat 'n verbond vanaf Yahweh gekry het, was Israel.

Die nuwe verbond se doel is om Yahweh se volk van hulle sondes te verlos, soos wat die engel vir Josef gesê het: “*en sy sal ‘n seun baar, en jy moet Hom Yahshuah noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.*” Hierdie verlossing gebeur deur EK IS VERLOSSER en die boek Hebreërs getuig van hierdie sukses: “*En ook die Heilige Gees gee aan ons getuienis; want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe, en aan hulle sondes en hulle*

*ongeregtighede sal Ek nooit meer dink nie. Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie. Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Yahshuah op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees," (Heb. 10:15-20)*

Aan wie se sonde sal Hy nooit meer dink nie? Aan hulle met wie Hy 'n verbond gemaak het, naamlik sy uitverkore volk Israel. Vir die humanistiese oortuiging klink dit baie verkeerd, maar dit is tog duidelik dat Hy tydens die ou verbond nie die Egiptenare uitverkies het om hulle God te wees nie en tog argumenteer niemand daaroor nie. Indien ons in die tyd van die uittog uit Egipte gelewe het, sou dit sommiges dalk gepla het dat God se verbond nie met die Egiptenare ook was nie, maar dat hulle uitgesluit was van sy Genade. Hierdie besorgdes oor die Egiptenare sou nie aan Yahweh se uitverkiesing van Israel verander het nie. Net so maak ons opinies vandag, geen indruk op Hom nie. *(Rom. 9:13-21)*

## Hoofstuk 10

### Die inwoners van Judea

Nadat Juda teruggegaan het na Judea, is die Mede en Perse se ryk verower deur die Griekse Ryk en tydens die tydperk wat Yahshuah in Judea was, was die Griekse Ryk ook weer oorgeneem deur die Romeinse Ryk. Dit beteken dat Judea nou bewoon was deur alle tipe nasies en nie net mense van die stam van Juda nie. Dit was boonop ook vir baie jare net 'n provinsie van 'n baie groter land. Meeste mense wat in Judea gebore was en daar gebly het en die Joodse geloof aangehang het deur hulle te laat besny, was beskou as Jode. Almal van die stam van Juda wat op ander plekke gebly het, maar bewus was van hulle afkoms en geloof, het hulself ook as Jode beskou. Wanneer ons dus lees van Jode in die Bybel, moet ons weet daar is Jode en dan die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie. *(Openb. 2:9 en 3:9)*

Wanneer ons God se verbond met Abraham, Isak en Jakob bedink, wonder mens baie keer waarom die Almagtige 'n sekere volk uitverkies het en die ander nie. Omdat ons geen agtergrondskennis het nie, is ons dan soms baie vinnig om Hom "op die vingers te tik" en te sê dat dit onaanvaarbaar is en dat ons as mens dit totaal veroordeel en verwerp. Dit is natuurlik dan 'n mosie van wantroue in die Alwetende God. Sodra ons dit besef, besluit ons om liewer glad nie oor die saak te dink nie. Ons glo maar iets wat beter op die oor val, naamlik dat daar geen uitverkiesing is nie, of iets soortgelyks wat ons beter laat voel.

Daar is egter dinge wat in die verlede gebeur het wat 'n invloed op Yahweh se uitverkiesing het. Sommige dinge waarvan ons weet en dalk ander waarvan ons geen benul het nie. In Génesis 6 lees ons van die seuns van God wat gesien het dat die dogters van die mens mooi was en vir hulle as vroue geneem het die wat hulle verkies het. Hierdie hemelwesens het by gewone vroulike mense kinders verwek en die gevolg daarvan was onder andere reuse. Sonder om in die besonderhede van hierdie gebeure in te gaan, behoort ons dadelik te sien en besef dat ons nie genoeg weet om die Almagtige te korrigeer nie. As daar dan wesens op die aarde bestaan het waaraan Hy 'n afsku het, verwag ons van Hom om hulle ook van hulle sondes te red, deur vir hulle te sterf? Hy het hulle nie gered nie, maar 'n groot watervloed gestuur om hulle te vernietig.

Die tyd toe God Noag uitgekies het, het God gesê dat Noag opreg was. Beteken hierdie opreg dat Noag eerlik was, of beteken dit dat sy genetika nog nie beïnvloed was deur die hemelwesens wat by die dogters van die mens kinders verwek het nie? Daardeur kan ons nie 'n bewering maak dat almal wat nie deel van Israel is, kinders van duiwels is nie, maar bloot net dat daar in die laaste ses duisend jaar dinge gebeur het waarvan ons niks weet nie. God weet egter daarvan. Hy weet alles en as Hy besluit om 'n geslag uit te kies, moet Hy beslis 'n goeie rede hê, want Hy is nie onregverdig nie en Hy is 'n goeie God.

In die evangelie van Matthéüs, hoofstuk 3, lees ons van Johannes die doper wat die mense gemaan het om hulle te laat doop tot bekering en die mense het na hom gestroom, maar toe daar sekere mense na hom toe kom wys hy hulle weg deur vir hulle te sê: "*Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is?*"

Indien hierdie mense net slegte sondaars was, is dit mos juis die mense wat Johannes by sy doop wou hê, maar hy sê hulle is die nageslag van die adder. Is dit die adder in die veld, of soos die adder wat Eva verlei het in die Paradys? Johannes se boodskap aan hulle was dat die toorn van God wel aan die kom is, maar daar is nie 'n manier vir hulle om dit te ontsnap nie. *(Matt. 3)*

Daar is nog 'n geval waar Yahshuah 'n duiwel uit 'n mens uitgedryf het en daar was weer van hierdie mense wat nader gestaan het en hierdie wonderwerk afgemaak het as werke van die duiwel. Yahshuah antwoord hulle met soortgelyke woorde as Johannes die doper. Yahshuah is God en Hy kan nie lieg nie. Hy kan nie sê: "Laat daar lig wees" en dan is daar nie lig nie. Hy kan nie sê: "Laat daar lig wees, oeps, ek het net 'n grap gemaak nie", want wat Hy sê, is wat dit is. As Hy dus iemand "Addergeslag" noem, wat beteken dit? Dit beteken dat daardie persoon se voorsaat 'n adder is. Sy woorde aan hierdie mense was: *"Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? " (Matt. 12:.34)* en ook *"Maak die maat van julle vaders dan vol! Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug?" (Matt. 23: 31-34)*

Die evangelie volgens Johannes vertel van 'n hewige argument tussen Yahshuah en persone wat sê dat hulle Jode is, maar nie na sy woorde luister nie. Hulle wil Hom doodmaak en Hy sê vir hulle dit is omdat hulle die werke van hulle vader doen. Hulle antwoord deur te sê dat hulle vader Abraham is en Hy erken dat hulle die nageslag van Abraham is, maar dat hulle nie die werke van Abraham doen nie, maar hulle ander vader. Toe antwoord hulle dat hulle net een vader het, naamlik God. Yahshuah antwoord dat dit nie moontlik is nie, want Hy self het van God uitgegaan en hulle luister nie na Hom nie, want hulle KAN nie na Hom luister nie. Hy sê nie hulle wil nie luister nie, maar hulle kán nie, hulle het nie die vermoë nie. Verder sê Hy weer prontuit: *"Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan." (Joh. 8: 37-44)*

Yahshuah is God en as Hy vir iemand sê dat sy vader die duiwel is, dan is sy vader die duiwel, want God kan nie lieg nie. Yahshuah gebruik 'n gelykenis om hierdie hele gebeurtenis aan sy dissipels te verduidelik. Die gelykenis gaan as volg:

'n Man het goeie saad in sy land gesaai, maar die aand toe almal slaap kom sy vyand en saai slegte saad tussen die goeie saad en toe die spruitjies opkom, staan die land vol onkruid ook. Die werkers wil toe by die huisheer weet of hy slegte saad gekoop het wat onkruid in het, maar die huisheer het geweet wat gebeur het en vertel hulle dat 'n slegte mens in die nag gekom het en onkruid tussen die koring gesaai het, om die huisheer te saboteer. Die werkers vra toe of hulle die onkruid moet uittrek, maar die huisheer sê dat hulle dit nie sal kan regkry sonder om ook die koring uit te trek nie. Hy het egter 'n beter plan, naamlik om almal saam te laat groei tot die koring geoes moet word, dan kan hulle eerste die onkruid uittrek en in die vuur gooi en daarna die koring oes. *(Matt. 13: 24-43)*

Wanneer ons hierdie gelykenis oppervlakkig lees, is ons verklaring gewoonlik dat dit oor die woord van God gaan wat in ons harte gesaai word en dan kom die duiwel en saboteer die woord deur leuens tussen dit te saai en dan is daar waarheid en leuens in ons hart. Dit klink reg, maar waarom sê die huisheer dan om nie die leuens uit te trek nie, maar dit te los om saam met die waarheid te groei? Dit maak tog geen sin nie. Die waarheid maak ons tog vry en waarom sal Hy dan sê ons moenie die leuens uit ons harte kry nie?

Net soos ons wonder, het sy dissipels ook gewonder oor hierdie gelykenis en aan die einde van die dag vra hulle hom na die verklaring daarvan. Hy verklaar toe dat die huisheer wat die saad saai Hy self is. Die saailand is die aarde, die wêreld, en nie ons harte nie. Die goeie saad is mense, nie die woord van God nie. Hierdie mense is mense wat deur Yahshuah gesaai was, kinders van sy koninkryk. Die onkruid wat gesaai was is nie leuens in ons harte nie, maar die nakomelinge van die Bose wat in die wêreld gesaai was, mense. Nie slegte mense nie, maar kinders van die Bose. Slegte mense kan hulle bekeer tot God, maar kinders van die Bose bly kinders van die Bose. Kinders van Yahshuah is kinders van die koninkryk, maar hulle kan slegte mense wees wat verlore kan gaan. Die vyandige

mens wat die onkruid gesaai het, is die Satan self. Die oestyd is die voleinding van die wêreld en die maaiers wat die oes moet inbring, is die engele.

Die slotsom en gevolgtrekking is dus dat daar kinders van God en kinders van die Bose nog steeds op die aarde is en dat dit so sal wees tot aan die voleinding van die wêreld. Hierdie kinders van die Bose was deur die sondvloed vernietig, maar die Satan het weer gesaai. Hierdie keer word hulle nie weer uitgetrek nie, maar bly saam met die koring op die wêreld, totdat die wêreld voleindig.

Hierdie ontdekking van die verlede laat ons net besef dat Yahweh presies weet wat Hy doen. Wanneer Hy dus sekere mense uitverkies en ons dit bevraagteken, moet ons weet dat ons nie genoeg weet nie. Johannes 3: 16 sê "*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*"

Onthou dat die wêreld die saailand is en nie die mense nie. Hy het die hele saailand lief, want die koring is in die hele wêreld, Hy het net die koring lief, maar die onkruid word verbrand.

Dieselfde Johannes van 3: 16 verklaar dit in Johannes 13: 1 deur te sê "*En voor die fees van die Pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad tot die einde toe.*"

Hy het sy eie mense in die saailand liefgehad, nie die onkruid nie. Wie is die onkruid anders as die kinders van die Bose, en hoe graag wil die Bose hê dat die kinders van die Koninkryk nie weet dat die kinders van die Bose tussen hulle is nie. Dit is soos 'n liggaam met kankerselle. As die liggaam weet dat sekere selle goeie selle is en ander kankerselle is, kan sy immuunstelsel homself genees deur die kankerselle dood te maak, maar omdat die liggaam dink di's almal goeie selle, maak die kankerselle later die liggaam dood. Iemand gaan wel op die einde sterf, die kankerselle of die liggaam, maar nie albei gaan in die lewe bly nie.

## Hoofstuk 11

**Die verlore stamme word teruggebring**

Yahshuah leer sy dissipels teen die einde van sy bediening dat Hy gaan sterf en opvaar na sy Vader. Dit maak hulle baie bedroef, maar dan bemoedig Hy hulle deur vir hulle te sê dat dit vir hulle beter is dat Hy weggaan, want dan kan Hy vir hulle die Heilige Gees stuur. Die Heilige Gees is die Gees van die Allerhoogste en nie 'n derde persoon soos wat ons soms dink nie. Die naam van die Heilige Gees in Hebreeus is Yahruach, Yah beteken EK IS en ruach beteken GEES, EK IS GEES.

Nadat Hy opgevaar het, vergader sy dissipels eendragtig in 'n bovertrek terwyl hulle wag op die belofte, want, het Hy belowe, julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom. Met die uitstorting van die Heilige Gees kom daar skielik uit die hemel ‘n geluid soos van ‘n geweldige rukwind en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek. *(Hand. 2)*

Hierdie bonatuurlike verskynsel was vir die dissipels 'n bevestiging van alles wat hulle van Yahshuah gehoor het en dat Hy sy nuwe verbond met hulle gemaak het. Hulle opdrag was om dit wat Hy vir hulle geleer het, te gaan verkondig. Hierdie dissipels was geleer deur God self en het geweet dat die nuwe verbond gebeur het en dat hulle dit moet gaan bekend maak, maar aan wie kom die beloftes van die nuwe verbond toe? Hulle het geweet van die verbond met die vaders en met die twaalf stamme van Israel, maar al wat op hierdie tydstip oor was van Israel, was 'n paar van hulle, in en om Jerusalem.

Sommer dadelik het hulle weggespring met hul sendingopdrag en was dadelik in die tempel. 'n Verlamde man by die ingang van die tempel word bonatuurlik genees en nie net die tempel is in rep en roer nie, maar selfs die hele Jerusalem, maar bo almal se verwagting slaap Petrus en Johannes nog daardie selfde aand in die gevangenis. Die volgende dag is hulle weer uit en hulle gaan voort om Jerusalem om te keer met die evangelie van die nuwe verbond. Keer op keer gaan hulle terug na die tempel en na die sinagoges, want dit is waar Israel is en Israel moet hoor. *(Hand. 3)*

Op 'n dag sit Petrus op 'n huis se dak en hy sien 'n gesig van God af. Hy sien al die diere, rein en onrein op ‘n laken voor hom en God sê vir hom, slag en eet, Petrus. Nooit nie Yahweh, sê hy, nog nooit het ek iets onreins geëet nie. God antwoord hom: “*Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie.*” Terwyl Petrus nadink oor die gesig, sê die Gees vir hom: Daar is drie manne wat jou soek. Staan dan op, klim af en gaan saam met hulle sonder om te twyfel, want Ek het hulle gestuur.

Hierdie manne wat by Petrus gekom het was gestuur deur Cornelius, 'n Romein, 'n onbesnedene en dus nie deel van Israel nie. As die Gees nie met Petrus gepraat het nie, sou hy beslis nie na Cornelius toe gegaan het nie, want hy was onrein soos die voedsel wat hy op die laken gesien het en waarmee hy homself nog nooit besoedel het nie. 'n Besnede Israeliet kom nie in die huis van 'n onbesnede heiden nie.

By Cornelius aangekom, vind hy die huis vol mense wat wag om van Petrus te hoor, want Cornelius het Yahweh gedien en baie tot Hom gebid en God het hom na Petrus gestuur en gesê, Petrus sal jou leer. *En onderwyl Petrus met hom spreek gaan Petrus binne en vind baie wat vergader het; en hy sê vir hulle: Julle weet dat dit ongeoorloof is vir ‘n Joodse man om met iemand van ‘n ander volk omgang te hê of hom te besoek; maar God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag*

*noem nie. Daarom het ek, toe ek gehaal is, gekom sonder om teë te spreek. Ek vra dan om watter rede julle my laat haal het.*

*En Cornelius sê: Vier dae gelede was ek besig om te vas tot op hierdie uur, en die negende uur het ek in my huis gebid, en meteens staan daar 'n man voor my in 'n blink kleed en sê: Cornelius, jou gebed is verhoor en jou aalmoese is voor God in herinnering gebring. Stuur dan na Joppe en laat Petrus haal. Ek het toe op die daad na u gestuur, en u het goed gedoen om te kom. Ons is dan nou almal voor die aangesig van God aanwesig om alles te hoor wat deur God aan u opgedra is.*

*En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is.* Hy het verder vertel wie Yahshuah is en dat Hy gesterf het, maar weer opgestaan het en dat Hy die lewende en die dode sal oordeel. Hy verklaar egter ook dat daar verlossing is vir elkeen wat in Yahshuah glo en hom van sy sonde bekeer. En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het.

Hierdie gebeurtenis was vir die wat daar teenwoordig was en uit die besnydenis was, baie eienaardig. Hoe is dit dat God hulle, wat heidene is en nie uit die besnydenis was nie, met Sy Heilige Gees doop? Hulle is saam met Petrus terug na die gemeente in Jerusalem en die gemeente was aanvanklik baie kwaad vir Petrus dat hy in die huis van onbesnedenes gegaan het en gesê: *By onbesnede manne het jy in die huis gegaan en saam met hulle geëet.*

Petrus het hulle die verloop vertel en gesê dat die Heilige Gees net so op hierdie mense geval het, soos op hulle met die dag van Pinkster toe hulle gedoop was met die Gees. Petrus sê: *As God dan aan hulle dieselfde gawe gegee het soos aan ons wat in Yahshuah geglo het, wie was ek dan, dat ek God kon verhinder? En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.*

Tot hier het ons gesien dat God 'n verbond met die twaalf stamme van Israel gemaak het en dat die dissipels dit ook so verstaan het, maar dat hulle nou by Cornelius gekom het wat 'n onbesnede heiden was, maar dat God hom by sy nuwe verbond ingetrek het. Wie was Cornelius en sy heidense vriende dan, dat hulle toegelaat word tot die nuwe verbond van God met sy volk? *(Hand. 10 & 11)*

Baie jare later word hierdie gebeurtenis weer deur die apostels in Jerusalem opgehaal en Petrus herinner die broers dat hy oorspronklik die een was wat eerste na die heidene gestuur was, dit was na Cornelius en sy vriende. Hy bevestig weer dat God aan hulle sy Heilige Gees gegee het as bewys dat hulle deel is van die nuwe verbond. Jakobus stem saam en sê: *Símeon (dit is Petrus) het vertel hoe God in die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is: Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense Yahweh kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen. (Hand 15:14-17)*

Jakobus sê dat dit wat gebeur het met Cornelius en die ander heidene, presies is wat deur die profete gesê was, naamlik dat God sal terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig en dit wat van die hut verwoes is, sal Hy herstel. Wel, wie was Dawid en wat is sy hut? Dawid was die koning van Israel wat oor al twaalf stamme geheers het. God het hom geseën en baie voorspoedig gemaak omdat hy 'n man na God se hart was. God belowe Dawid dat sy koningskap tot in ewigheid sal bestaan, maar sy seun Salomo wat na hom op die troon sit, verag God se opdragte en trou met uitlandse vroue waarvan God gesê het hy nie mag nie. God skeur 'n groot deel van die stamme van Israel van hom af en sy seun word koning oor net een stam. So het Dawid se hut verval. Dawid was

koning oor al die stamme van Israel, maar meeste van hulle verlaat sy koningskap en word later heidene omdat God hulle van sy verbond afgesny het.

Nou sê God deur die profete dat Hy die vervalle hut van Dawid sal oprig, deurdat daardie stamme wat afgeskeur was, weer sal terugkom na die hut van Dawid. Die mense sal Yahweh soek, maar watter mense? Soos die profete gesê het, die oor wie sy Naam uitgeroep is. Watter mense is dit waarvan die profete gepraat het?

Yahweh het in Númeri 6 letterlik sy Naam oor 'n volk uitgeroep: *Spreek met Aäron en sy seuns en sê: So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê: Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ék sal hulle seën. So het Hy aan geen ander volk gedoen nie.*

En vader Yahweh sê dit self ook: 2 Kronieke 7:14 *…en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.*

Dit wat met Cornelius gebeur het, is dit wat die profeet Hoséa gesê het net voor die noordelike stamme in ballingskap gegaan het: *En Hy het gesê: Noem hom Lo-Ammi, want julle is nie my volk nie, en Ek sal nie julle s'n wees nie. Nogtans sal die getal van die kinders van Israel wees soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie—sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende God. Dan sal die kinders van Juda en die kinders van Israel almal saam vergader en vir hulle een hoof aanstel en uit die land optrek; want groot is die dag van Jísreël!*

Cornelius was lid van een van hierdie stamme wat deur Yahweh afgesny was, maar deur die nuwe verbond kon hulle nou weer teruggaan na hulle God en in plaas dat daar aan hulle gesê word, *julle is nie my volk nie*, sal aan hulle gesê word, *julle is kinders van die lewende God*. Nou kon die kinders van Juda, Petrus en die ander besnede gelowiges in Jerusalem en Israel, Cornelius en die ander onbesnede heidene uit Israel, almal saam vergader en vir hulle een hoof aanstel, Yahshuah, die seun van Dawid uit die geslag van Juda, die Koning van Israel tot in ewigheid soos wat die engel aan Maria gesê het.

*Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Yahshuah noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en Yahweh sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie. (Luk. 1: 30-33)* 52

# Hoofstuk 12

**Paulus se brief aan die Romeine, hoofstuk 9**

Paulus was nie een van die dissipels nie en was ook nie by toe Yahshuah opgevaar het of toe die Heilige Gees uitgestort was nie. Inteendeel het hy alles weerstaan wat hulle gedoen en geglo het. Paulus het die gemeente vervolg en hulle in die gevangenis gewerp. Hy was die een wat toegekyk het hoe Stéfanus vermoor was. Hy word egter later die apostel wat die nuwe verbond aan die gelowiges verduidelik omdat hy 'n wetsgeleerde was en die ou verbond baie goed geken en verstaan het. Hy is egter ook die een wat die evangelie na die heidene toe geneem het. Hy is die een wat na die verlore stamme, die onbesnede heidene, toe gaan om hulle te vertel dat die prys vir hulle oortredinge betaal is en dat hulle mag terugkeer na die burgerskap van Israel. Aan die einde van sy lewe som hy dit alles op toe hy voor koning Agrippa verskyn en bely waarvoor hy so ywer.

Paulus sê aan koning Agrippa: *En nou staan ek tereg oor die hoop op die belofte wat aan die vaders deur God gedoen is, waartoe ons twaalf stamme wat God aanhoudend dag en nag dien, hoop om te kom; oor hierdie hoop, koning Agríppa, word ek deur die Jode beskuldig. Die beloftes wat aan die vaders gedoen is, is die verbond wat God met Abraham, Isak en Jakob gemaak het dat hulle vir hom 'n volk sal wees en dat Hy hulle God sal wees.* Al twaalf stamme, insluitende die wat in verstrooiing was, die met wie God sy verbond gebreek het, maar deur die offer van Yahshuah herstel het, se hoop is op daardie verbond wat God met hulle gemaak het, hulle hoop dat daardie beloftes van die verbond sal kom. *(Hand. 26:6-7)*

Nadat hy voor Agrippa verskyn het, is hy verder na Rome om voor die keiser te verskyn. Hy versoek dat al die Jode wat in Rome is na hom toe kom, sodat hy homself voor hulle kan verduidelik en vir hulle sê hy dieselfde woorde: *Om hierdie rede dan het ek versoek om u te sien en toe te spreek, want dit is oor die hoop van Israel dat ek met hierdie ketting geboei is. (Hand. 28: 20)*

Met hierdie agtergrond kyk ons dan na die brief aan die Romeine om te verstaan wat Paulus bedoel wanneer hy sê dat hy die Apostel is wat die evangelie na die heidene gebring het. Die verhaal van die verlore seun beskryf die gebeure tussen 'n pa en sy twee seuns. Die een seun het besluit om sy eie pad te gaan en het sy vader gevra of hy maar sy erflating kan kry, want hy is nie meer bereid om saam met hom en sy ander broer te bly nie. Sy pa het ingestem en hom sy deel gegee. Hierdie seun het al sy geld met hoere deurgebring en het later gebrek gely en moes varke oppas om te oorleef.

Terwyl hy in sy ellende sit, dink hy by homself, maar ek het 'n pa, ek sal teruggaan na hom toe en sy slaaf wees, want dan sal ek versorg wees. Toe sy pa hom sien aankom, val hy hom om die nek met blydskap om hom te sien en verwelkom hom en sit 'n ring aan sy vinger en berei 'n groot fees oor sy seun wat terug is. Die ander seun was egter nie so ingenome nie en het gesê dat hy nog altyd by sy vader was en hierdie ander seun het al sy geld verkwis en nou kom hy weer terug, di's onregverdig. *(Luk. 15)*

Hierdie gelykenis van die verlore seun handel nie oor iemand wat hom tot God bekeer nie, want hierdie seun is nie 'n vreemdeling vir sy vader nie, maar iemand wat reeds aan die vader behoort het. Hierdie verlore seun is die stamme van Israel wat besluit het om ander gode te dien en hulle God te verlaat, maar nou kom hulle terug deur die evangelisasie van Paulus en ander apostels, maar die Jode, die stam van Juda wat nooit weg was nie, sê dat dit onregverdig is. Baie van Paulus se redenasies met hulle gaan daaroor dat daar geen verskil is tussen Jood en heiden nie. *Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die heidene. (Rom. 3: 29)*

*Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie. Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. Want: Elkeen wat die Naam van Yahshuah aanroep, sal gered word. (Rom. 10: 11-13)*

Daar is geen onderskeid tussen 'n besnede Jood uit die stam van Juda en 'n onbesnede heiden (verlore seun) uit enige van die ander stamme nie. Die Jode het gevoel hulle is beter omdat hulle die wette onderhou waar die Israeliete wat hulle uit die heidene bekeer het, nie die wette onderhou nie. *(Hand. 21: 24-25)*

In hoofstuk 9 van die brief aan die Romeine verklaar Paulus hoe streng en eng die uitverkiesing van God is. Hy begin deur terug te verwys na die aartsvaders en te verduidelik dat Abraham en Isak meer as een seun gehad het, maar dat die verbond en die beloftes nie vir die ander seuns was nie.

Abraham was die vader van Isak en nog sewe ander seuns, maar die verbond was nie vir Ismael of vir enige van sy ander broers gegee nie, maar net aan Isak. Esau, die broer van Jakob, word nie net deur God uit die verbond uitgesluit nie, maar God sê dat Hy Esau haat en hierdie haat was nie oor iets wat Esau verkeerd gedoen het nie, want God het tog juis vir sondaars gesterf. Hierdie haat van God teenoor Esau was van voor Esau se geboorte af. Yahshuah het nie sy bloed vir Esau gestort nie, maar vir Jakob, dit is die verbond en op Esau en sy nageslag is Yahweh vertoornd tot in ewigheid. *(Rom. 9: 10-13 & Mal. 1: 2-5)*

Is dit nie onregverdig van God nie? Moet Hy nie alle mense presies dieselfde hanteer en almal dieselfde geleentheid gee om sy Koninkryk te kan beërwe nie? Vir ons klink dit onregverdig, maar God sê nee, beslis nie, want Hy is die Pottebakker en mense is die klei en die Pottebakker het volmag om te besluit wat Hy van die klei wil maak. 'n Pottebakker kan uit een stuk klei een voorwerp maak tot eer en die ander voorwerp uit dieselfde klei, tot oneer. 'n Pottebakker kan van een stuk klei 'n teestel maak waaruit die koning drink en uit dieselfde klomp klei 'n bak maak, waarin die binnegoed van die hoenders gegooi word op slagdag. Dit is wat die Pottebakker kan doen uit dieselfde klei, en dit is sy keuse.

Net so doen die Ewige Pottebakker met die klei in sy hande. Hy maak mense tot eer en mense tot oneer. Hy besluit self uit dieselfde bondel klei. Hy is barmhartig oor wie Hy wil en Hy ontferm Hom oor wie Hy wil en die mens het geen invloed nie. Die klei in die hand van die pottebakker het geen invloed nie. Hy is barmhartig oor Abraham, Isak en Jakob se nageslag, maar Hy is nie barmhartig oor Farao en sy volk nie. Inteendeel, Yahweh was die een wat Farao se hart verhard het sodat hy nie die Israeliete laat trek het nie, want as Farao na die eerste plaag reeds ingegee het, kon Yahweh nie Farao met sy hele weermag in die see verdrink het nie. Hy sê dit in die brief aan die Romeine: *Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde. So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil. (Rom. 9: 15-18)*

God maak die voorwerpe van oneer, die voorwerpe van toorn (die Egiptenare), juis om Sy mag en krag te toon en Hy verdra hierdie voorwerpe net om te demonstreer en te bewys hoe groot sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid (die Israeliete) is, wat Hy gemaak het tot heerlikheid.

Nou wie is hierdie Israeliete? Romeine 9: 24 sê nie net hulle wat Hy geroep het uit die Jode nie. So, ons weet die stam van Juda is van die wat Hy geroep het, maar ook hulle uit die heidene. As Hy voorwerpe gemaak het tot eer uit die heidene, sal dit dan dalk die Egiptenare insluit wat so pas na verwys is as voorwerpe van oneer?

Is dit waar die kruis die Egiptenare ook verander het in voorwerpe van eer? Wel, gelukkig hoef ons nie daardie groot vraag self te beantwoord nie, maar die antwoord is in vers 25 en 26. *Soos Hy ook in Hoséa sê: Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem; en haar wat nie bemin is nie, beminde; en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God.*

Paulus haal 'n gedeelte van die profeet Hoséa aan en as ons net hierdie gedeelte in Romeine lees, mag dit dalk lyk asof die Egiptenare wat toe nie sy volk was nie, nou sy volk is, maar wanneer ons die gedeelte uit Hoséa gaan lees, kom ons by die sleutel tot die heidene en die nuwe verbond. Sonder om die deel in Hoséa te lees waaruit Paulus aanhaal, is dit onmoontlik om te verstaan wat Paulus bedoel. Hulle wat Hoséa ignoreer, sal op 'n dwaalspoor beland omdat hulle Paulus verkeerd gaan verstaan.

Hoséa het drie kinders gehad, en die eerste se naam was Jísreël en dit beteken: “Ek sal 'n einde maak aan die koninkryk van Israel”. Die twaalf stamme van Israel was verdeel in twee koninkryke as gevolg van die sonde van koning Salomo. Die noordelike koninkryk was Israel genoem en die suidelike koninkryk was Juda genoem. Israel het baie teen God gesondig en toe maak Yahweh hierdie aankondiging deur die profeet Hoséa met die benaming van sy eerste kind: Ek sal 'n einde maak aan die koninkryk van Israel. Dit het ook só gebeur toe die koninkryk van Israel, nie Juda nie, deur Assirië verower en vernietig was.

Die naam van Hoséa se tweede kind was egter meer veroordelend as die eerste. Die tweede kind se naam was Lo-Rugáma en dit beteken: “Onbegenadigde”. Yahweh gaan nie meer genadig wees oor die huis van Israel om hulle sondes te vergewe nie. En die derde kind se naam dryf die laaste spyker in die kis van die verbond tussen God en die huis van Israel. Die laaste kind se naam is Lo-Ammi: “Julle is nie my volk nie”. Die huis van Israel word deur Yahweh verwerp en nou is sy verbond met hulle dieselfde as met die Egiptenare, daar is geen.

Hoséa se profesie is egter nog nie klaar nie, maar in vers 10 staan hierdie verlossende woorde en dit is waarna Paulus verwys: *Nogtans sal die getal van die kinders van Israel wees soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie—sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende God. (Hos. 1:10)*

Hierdie B-gedeelte van vers 10 is die presiese woorde wat Paulus na verwys het in Hoséa toe hy die voorwerpe van eer beskryf het: *en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God. (Rom. 9:26)* Wie is hulle wat Paulus sê, *nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die heidene*? Wie is hierdie heidene wat Paulus sê: *die heidene soos wat Hoséa sê*? Wie is hierdie heidene waarvan Hoséa praat? Hulle is die stamme van Israel wat deur Yahweh verwerp is as gevolg van hulle sonde, maar wat Hy belowe het Hy weer sal vergader.

Hoséa gaan verder deur in vers 11 en 12 te sê: *Dan sal die kinders van Juda en die kinders van Israel almal saam vergader en vir hulle een hoof aanstel en uit die land optrek; want groot is die dag van Jísreël! Sê aan julle broers: My volk, en aan julle susters: Begenadigde.* Die kinders van Juda is die suidelike koninkryk van Juda, en Paulus noem hulle die Jode. Die Heidene waarna hy verwys is die noordelike koninkryk van Israel wat deur Yahweh verwerp was en nou weer onder die nuwe verbond begenadig is. Die een hoof wat Hoséa van praat wat hulle oor hulle gaan aanstel, is Yahshuah, die Koning van Israel wat gaan sit op die troon van sy vader Dawid soos deur die engel aan Maria geprofeteer was voor sy swanger geword het met die Koning.

Die belofte van die Verlosser wat gaan kom sal wees uit die geslag van Dawid, 'n spruit van geregtigheid en dit voorspel goeie dae vir die huis van Israel en vir die huis van Juda. Jeremia was die

profeet wat dit gesê het, jare nadat die huis van Israel verstoot was. Verstoot, maar nie vergete nie. Jer. 33:14-15 *Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die goeie woord in vervulling laat gaan wat Ek gespreek het aangaande die huis van Israel en die huis van Juda. In dié dae en in dié tyd sal Ek vir Dawid 'n Spruit van geregtigheid laat uitspruit, en Hy sal reg en geregtigheid doen in die land.* Dit was profeties op Yahshuah.

Die Egiptenare se lot is dus nie om by die verbond van Israel ingesluit te word nie, maar net soos al die ander nasies buite Israel is hulle voorwerpe tot oneer wat Yahweh gebruik om sy liefde, almag en krag aan sy volk waarmee Hy 'n verbond het, te demonstreer. Hierdie verbond van Yahweh met sy volk het egter voorwaardes en net omdat iemand uit die geslag van Israel gebore is, maak hom nie 'n erfgenaam van die belofte nie. Jes. 59:20 Maar vir Sion kom Hy as Verlosser en vir die wat in Jakob hulle bekeer van oortreding, spreek die HERE.

Daar sal ook baie mense uit Israel wees wat sê dat die verbond wat Yahweh met sy volk gemaak het, dit wat Hy aan Abraham gesweer het, verbreek het. Die implikasie van dit, indien so iets kon gebeur het, maak Yahweh baie onbetroubaar en iemand wat nie waarlik vertrou kan word nie.

Jeremia 33:23-26 *Verder het die woord van die HERE tot Jeremia gekom en gesê: Het jy nie gemerk wat hierdie volk spreek nie as hulle sê: Die twee geslagte wat die HERE uitverkies het, dié het Hy verwerp? En hulle verag my volk, sodat dit geen nasie voor hulle meer is nie. So sê die HERE: As Ek my verbond met dag en nag, die insettinge van hemel en aarde, nie vasgestel het nie, dan sal Ek ook die nageslag van Jakob en van my kneg Dawid verwerp, dat Ek nie uit sy nageslag heersers sal neem oor die nageslag van Abraham, Isak en Jakob nie; want Ek sal hulle lot verander en My oor hulle ontferm.*

Met hierdie agtergrond van die opbreek van die twaalf stamme en die vereniging daarvan, verstaan mens nou wat Petrus bedoel het met sy woorde na die ontmoeting met Cornelius, die heiden: Handelinge 10:34-36 *En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is. Dit is die woord wat Hy gestuur het aan die kinders van Israel toe Hy die evangelie van vrede verkondig het deur Jesus Christus—Hy is die Here van almal.* Hy is Here van almal, van Juda wat onder die besnydenis was en ook oor Israel wat verheidens het.

Petrus en die ander apostels het gedink dit was net vir hulle wat nog onder die verbond was, maar dit was ook vir hulle wat van die verbond vervreemd was. Paulus was die een wat hierdie boodskap verstaan en verkondig het. Die ander apostels het gedink die nuwe verbond is net vir die huis van Juda, maar Paulus was die een wat die verborgenheid rondom die heidene verstaan het, daarom sê hy daar is nie meer Jood of Griek nie.

Onthou, daar is heidene en heidene. Maak eers seker van wie daar gepraat word, sodat jy kan insien wat God sê.

## Hoofstuk 13

### Paulus en Romeine 10 en11

Die maklikste manier om Romeine 10 en 11 te verstaan, is om by die einde te begin. Aan die einde van hierdie gedeelte word die doel uitgespel: *Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem. (Rom. 11:25-27)*

Paulus maak dit bekend dat hierdie 'n verborgenheid is, maar dat hy wil hê ons moet hierdie verborgenheid weet, want as ons hierdie verborgenheid nie weet nie, gaan ons eiesinnig wees. Eiesinnig beteken, "eie" en "sin". Eiesinnigheid sê: Ek gaan self besluit wat hierdie beteken, want ek verstaan nie die verborgenheid nie. Ons mag dus nie oor hierdie gedeelte 'n opinie hê as ons dit nie verstaan nie, want dan gaan dit eiesinnig wees en nie die openbaring wat God bedoel het nie. Ons kan ook nie 'n paar verse uit die hoofstukke uithaal wat ons wel verstaan en dink ons het die hele prentjie nie, want dan gaan ons weer eiesinnig wees. Dit is ook 'n verborgenheid en is dus nie maklik om te verstaan nie, maar dit moet aan ons geopenbaar word deur Yahweh se Gees.

Die verborgenheid is: *en so sal die hele Israel gered word.*

Ons weet reeds wie die hele Israel is. Dit is die twaalf stamme van Israel waarvan die meeste deur God afgesny was van sy genade, maar hierdie verborgenheid is om te weet hoe hulle weer onder sy genade gekom het. Die verborgenheid is dat die verharding ten dele oor Israel gekom het, totdat die volheid van die heidene ingegaan het en so sal die hele Israel gered word. Daar het 'n Goddelike verharding oor 'n deel van Israel gekom, naamlik oor Juda (die deel van Israel wat nog onder die verbond was) totdat die volheid van die heidene, die verheidensde stamme van Israel, ingegaan het en so sal al twaalf die stamme gered word. Paulus haal die profesie van Jesaja 59:20-21 aan deur af te sluit met die woorde: *Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.*

In hoofstuk 10 van die brief aan die Romeine begin Paulus met 'n argument wat hy voer: Moses sê dat die mens wat die wet onderhou daardeur sal lewe, maar die geloof sê as jy met jou mond Yahshuah bely en met jou hart glo dat Yahweh Hom uit die dood opgewek het, dan eers sal jy gered word. Hierdie gedeelte gaan dus nie oor wie gered gaan word nie, maar hoe mens gered kan word. Jou onderhouding van die wet gaan nie vir jou die lewe gee nie, maar net hulle wat glo dat Yahweh Yahshuah uit die dood opgewek het, sal gered word. Die Israeliete onder die wet het geglo daar is ewige lewe in die onderhouding van die wet, maar Paulus verduidelik dat daar net geregtigheid is deur geloof.

Daar is dus geen onderskeid tussen Jood (Israeliete wat die wet hou) en die Griek (Israeliete wat nie eers van die wet weet) nie. Albei word gered deur geloof en nie deur werke nie. Die Griek waarna verwys word, is van die verstrooide stamme van Israel wat in Griekeland beland het na hulle ballingskap in Assirië. Daarom het die Jode gedink dat Yahshuah na hierdie verstrooide Israeliete wou gaan toe Hy gesê het Hy gaan waar hulle Hom nie sal vind nie. Joh. 7:35 *En die Jode sê onder mekaar: Waar wil Hy heengaan, dat ons Hom nie sal vind nie? Hy wil tog nie na die verstrooides onder die Grieke gaan en die Grieke leer nie?*

In die tyd toe die noordelike stamme in ballingskap weggevoer was, was hulle bekend as "die huis van Israel" en die suidelike was bekend as "Juda". Nadat die noordelike Israel van die verbond

vervreemd was en weggevoer was in ballingskap, het Juda as Jode bekend gestaan, maar ook as Israel omdat hulle al was wat van die volk Israel oorgebly het. In die tyd wat Paulus dus die brief aan die Romeine geskryf het, was die huis van Juda ook bekend as Israel, daarom verwys Paulus na hulle as Israel. Die huis van Israel het verstrooid geraak en was nie meer Israel genoem nie, maar daar word na hulle verwys as heidene.

Wanneer Paulus dus sê dat Israel nie hulle prediking geglo het nie, verwys hy na Juda. Hy vra: *het hulle dalk nie gehoor nie*, ja, vir seker, want die evangelie het oor die hele wêreld uitgegaan, hulle moes hoor. *Het hulle dan nie die evangelie verstaan nie*? Moses sê aan hulle, *Ek sal julle jaloers maak op diè wat geen volk is nie.* Jesaja sê*: EK het my laat vind deur die wat my nie gesoek het nie, maar van Israel sê Hy: Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na 'n ongehoorsame en teësprekende volk. (Rom. 10:20,21)*

Nou vra Paulus of God dan sy volk Juda verstoot het ter wille van verheidensde Israeliete? In Romeine 11:8 sê God dan dat Hy self 'n diepe slaap oor hulle gebring het, oë om nie die evangelie te sien nie en ore om dit nie te hoor nie. In 11:11 vra Paulus of hulle, Juda, gestruikel het om te val en antwoord dan self met: *nee beslis nie*. Hierdie verharding van die harte van Juda het veroorsaak dat die verheidensde Israeliete geïnteresseerd raak in die evangelie. As Juda die evangelie van Yahshuah gehoor het en God het nie hulle harte verhard nie, sou die verheidensde Israeliete geen aandag daaraan gegee het nie, want hulle sou dit net beskou het as die Jode se geloof, maar toe hulle hoor dat die Jode dit verwerp, was dit die vonk wat die vuur aan die brand gesteek het.

Die Heidene was jaloers op die godsdiens van die Jode, maar toe die Jode dit verwerp, het die Heidene dit aangegryp en nou bely Paulus dat dit by hom 'n bede is dat sy eie volk, die Jode, ook jaloers sal word nadat die Heidene ingekom het. Die verharding oor Israel, deur Yahweh, het dus gebeur sodat die saligheid na die heidene kon gaan. Die tydelike verharding oor Juda het dus gebeur sodat die saligheid na die verstrooide stamme van Israel kon gaan en so sal die hele Israel gered word.

Paulus gebruik die beeld van 'n olyfboom wat se natuurlike takke afgebreek word, sodat die wilde olyftakke op die mak olyfboom ingeënt kan word. Juda se harte word verhard sodat die verstrooide Israeliete op die Israel-boom ingeënt kan word en so sal al twaalf stamme van Israel gered word. Die takke wat afgebreek was sodat die wilde olyf se takke ingeënt kan word, kan self ook weer ingeënt word en weer deel van die Israel-boom word. Daar word nie takke van 'n doringboom op die mak olyf ingeënt nie. *(Romeine 11:17-25)*

*Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem. (Romeine 11:25-27)*

Die Verlosser, Yahshuah, sal uit Sion (Israel) kom en Hy sal die goddelooshede van Abraham, die vader van die twaalf stamme, afwend. Dit is dieselfde woorde wat die engel vir Josef gesê het: *en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Yahshuah noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. (Matt. 1:21)* Hy verlos sy volk Israel van hulle sonde. Hy het nie sy bloed vir enige ander volk gestort nie, want sy verbond is nie met hulle nie. *(Ps. 147:19-20) Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie. Halleluja!*

# Hoofstuk 14

**Die Kanaänése vrou**

Yahshuah het na die streke van Tirus en Sidon gegaan toe 'n Kanaänése vrou na Hom geroep het. Sy het gesien watter wonders Hy gedoen het en sy het Hom aangespreek as die Seun van Dawid en sy was in groot nood omdat haar dogter met duiwels besete was. Tog antwoord Hy haar nie toe sy na Hom roep nie. Selfs toe sy dissipels by Hom kom en haar sien, sê hulle vir Hom om haar weg te stuur want sy roep agter hulle aan. Dit is baie snaaks, want Hy het tog gekom om te soek wat verlore was, en sy is verlore, en sy roep na Hom, maar Hy steur Hom nie aan haar nie. *(Matt. 15:21-28)*

Sy was baie desperaat en het aangehou roep. Hy antwoord haar toe met 'n reguit woord en beskryf waarom Hy haar nie kan help nie. Hy is 'n gestuurde, gestuur deur die Almagtige, maar net na sekere mense, nie almal nie. Hy is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel. Israel het bestaan uit twaalf seuns en hulle nageslagte en volgens sy antwoord aan haar, was sy nie deel van hierdie kudde skape nie. Hy draai sy rug op haar, maar sy is baie desperaat en het sy wonders gesien en daarom volhard sy deur te sê: Here help my!

Matt. 18:11 sê: *Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is.* Al is Hy gestuur as die brood van die lewe, gee Hy haar weer 'n woord wat sy nie wil hoor nie: *Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie.* Die Engelse King James Bybel praat nie van hondjies nie, maar "dogs". Hy wat die wêreld so liefhet, noem hierdie vrou wat in nood is en na Hom roep, 'n hond en nie 'n kind nie. Die rede is omdat sy nie deel van die twaalf stamme van Israel is nie en Hy het net gekom as die Brood van die lewe vir húlle, nie vir haar nie.

Sy skel hom nie uit as 'n rassis of vrouehater nie, maar sy erken dit wat Hy sê. Sy weet sy is nie 'n kind nie, maar 'n hond en daarom sê sy: *Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval.* Sy sê sy weet sy is nie 'n kind nie, maar onder die tafel van die kinders is daar altyd van die brood wat van die tafel afval, kan sy maar van dit kry? Sy wil nie die verbond van die kinders hê om saam met hulle aan die tafel te sit nie, sy wil nie erf saam met hulle nie, haar kind is van duiwels besete en sy wil verlossing vir haar kind hê.

Matt. 15:28 *Toe antwoord Yahshuah en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af.* Haar dogter het gesond geword, maar sy en haar dogter het later gesterf buite die verbond van Yahweh, want hulle was nie die nageslag van Jakob nie.

## Hoofstuk 15

**Die moderne Jode**

In die tyd van die profeet Jeremia het koning Nebukadnésar van Babel, Jerusalem verower en die hele land Kanaän het deel van sy ryk geword. Hy het al die Jode wat jonk, mooi en slim was na Babel weggevoer. Daniël en sy drie vriende was onder hulle. Die ou mense en ongeletterdes het hy laat agterbly, want hulle sou in Babel net 'n las gewees het. Jeremia was een van die wat agtergebly het in Juda. Die koning het ook ander volke in Juda laat intrek sodat die land nie woes en onherbergsaam word nadat die meeste Jode weg was nie.

Aan die suide van Juda was die land van die Edomiete, Esau die broer van Jakob, se nageslag en hulle het nog altyd Israel se erflating begeer. Toe Israel in ballingskap gaan, het hulle vrye toegang tot die land gehad en van die geleentheid gebruik gemaak. Jerusalem was verlate want die muur en die tempel was afgebreek, maar die inwoners moes maar so klaarkom omdat Nebukadnésar dit nie weer opgebou het nie.

Die ryk van Babilon het hulle eie godsdiens gehad en het Yahweh nie geken en nie gedien nie. Die Jode in en om Jerusalem het Yahweh ook nie gedien nie, want daarom het God hulle oorgegee aan Babel. Hulle het wel vasgehou aan sommige van die oorleweringe van die Joodse godsdiens en dit het nou vermeng met die godsdienste van al die nasies wat in Juda kom vestig het. Verder was die groter invloed van Babel af, want dit was die dominerende godsdiens van die Babiloniese Ryk.

'n Nuwe godsdiens en beweging in Juda het ontstaan en hierdie godsdiens het die naam van die volk wat daar gebly het gebruik, naamlik Jode. Hierdie godsdiens het twee vleuels gehad en hulle leiers was Fariseërs en Sadduseërs. Die groot verskil was dat die Fariseërs geglo het dat daar lewe na die dood is en die Sadduseërs het nie. Die feit dat die Sadduseërs nie in 'n lewe na die dood geglo het nie, verklaar dat hulle totale doelwit en visie vir hulle godsdiens vir hierdie teenswoordige tyd was. Dit was meer 'n beweging of vereniging, as 'n godsdiens. Die feit dat die Fariseërs met hulle assosieer het en in dieselfde sinagoges aanbid het, bewys dat hulle nie baie van mekaar verskil het nie. Die organisasie van die Jode was dus saamgestel uit enige persoon wat met hulle Godsdiens saamstem. Die visie van hierdie godsdiens was vir voorspoed in hierdie teenswoordige lewe, gepaard met maksimum mag.

Nadat sommige mense van die stam van Juda teruggekom het uit Ballingskap, vind hulle hierdie dominerende beweging in die provinsie Juda. Hierdie Joodse beweging was oorspronklik gebaseer op die eerste vyf boeke van Moses en die wet van Moses was gebruik as die wet van die beweging, hoewel die land Juda steeds onder die wet van Babilon was.

Die eerste vyf boeke van die Bybel praat nie van lewe na die dood nie en daarom het die Sadduseërs nie daarin geglo nie. Met die baie sterk invloed van die Babiloniese godsdiens kry hulle nog geskrifte by die eerste vyf boeke van Moses en hierdie Babiloniese godsdiens-geskrifte noem hulle die Talmoed. Die Talmoed is nie net wette soos die eerste vyf boeke van Moses nie, maar dit is aanbidding van Babiloniese gode.

Soos sommige ander bewegings van vandag, Vrymesselary, Rosekrute, Knights Templars, Romeins Katolieke en ander, het hulle almal geheime kennis wat hulle bewaar en van geslag tot geslag oorlewer. Die Joodse-geskrifte met hierdie geheime kennis noem hulle die Kabala. Nie alle lede van die Joodse beweging raak betrokke by hierdie dieper dinge nie en is meestal onbewus daarvan. Net soos met die Vrymesselaar beweging waar meeste lede net betrokke is by welsyn en nie bewus is van

dit wat die beweging eintlik doen nie. Die Katolieke kerk is net so 'n beweging wat uiters diep betrokke is by verkeerde aanbidding en wat ook die geheime kennis bewaar, maar meeste van die lede van die beweging het geen idee daarvan nie en neem net deel aan die ritueel wat vir hulle voorgeskryf is in die hoop dat hulle die hel, wat vir hulle voorgehou word, mis kan spring.

Die Joodse beweging is dus nie 'n volk nie, want dit is saamgestel uit baie nasies wat in Juda gebly het. Wat die Joodse beweging egter anders maak as die ander bewegings, is dat die kinders van die ma wat 'n Jood is, outomaties Jode is. Daar is dus 'n mate van ‘n nageslag betrokke, maar hierdie nageslag het na twee duisend vyfhonderd jaar nie meer veel te doen met die oorspronklike stam van Juda nie. Enige persoon van enige volk of ras kan 'n Jood word en daarom is die lede nie 'n volk nie. In die jaar 1000 nC het daar tussen tien- en twintig miljoen Kazare van Oos-Europa by die Joodse beweging aangesluit deur drie godsdienste te evalueer en toe besluit het om Jode te word. Hierdie Kazaarse Jode maak vandag nog die grootste deel van die wêreld se Jode uit.

Omdat die Joodse beweging en sy lede hulle beywer vir selfversorging en voorspoed vir hierdie lewe, is hulle altyd besig om hulself te verryk en daarom die gesegde: “jy is 'n regte Jood” wanneer iemand goed met geld kan woeker. Hierdie, soms selfsugtige ywer vir geld en mag, het die Jode deur die eeue baie gehaat gemaak en was hulle telkens deur verskeie konings uit verskeie lande geban. Die modes operandi in elke land is presies dieselfde, hulle werk nie een vir homself nie, maar vir mekaar. Jode help Jode om in die hoogste posisie van alle plekke van die samelewing te kom, sodat hulle mekaar voorspoedig kan maak.

In enige bedryf of besigheid sal ons hulle vandag heel bo kry. In die musiek, film, besigheid, hof, politiek en waar ook al, is hulle in beheer. Terwyl die res van die wêreld se mense besig was met hulle eie ding, het hierdie organisasie alles geïnfiltreer en die beheer van alles oorgeneem. Wat soms gebeur, is dat die ander mense dit gesien gebeur het en besef het dat as jy nie een van hulle is nie, jy nooit sal vorder nie. Van hierdie mense het in opstand gekom, maar die Joodse beweging is te sterk en duld nie opstande nie. Ander was slim en het by die beweging aangesluit. Die oomblik wat jy aansluit, is jy mos ook 'n Jood en dan lê die wêreld vir jou oop. As jy wil hê jou musiekloopbaan moet vlerke kry, of jou besigheid, of politieke loopbaan, sluit by die Joodse beweging aan.

Min mense is bewus daarvan dat enige persoon by die Joodse volk kan aansluit en self ook ‘n Jood kan word. Jy moet egter aansoek doen en om goedgekeur te word, hang van hulle af. Dit werk amper soos met die Babiloniese ballingskap, hulle vat net die mooies, die slimmes, die met invloed, die waar by die beweging kan baat. Nadat iemand aansoek gedoen het, word hy of sy vir 'n jaar deur 'n Rabbi geëvalueer om te sien of so 'n persoon “convert” het na die Joodse godsdiens toe. Die woord wat deur alle vertakkings van die Joodse beweging gebruik word, is “convert”.

Die Joodse beweging bestaan uit van “ultra konserwatiewe ortodokse Jode” tot “ultra moderne liberale Jode”. In totaal is daar sewe bekende vertakkinge van die Joodse beweging. Hulle sieninge verskil so drasties, dat die Rabbies van die ultra ortodokse gedeelte nie die nuwe lede erken wat deur die ultra moderne vertakking se Rabbies “convert” is nie. Net soos met die ou Fariseërs en Sadduseërs is die konserwatiewe Jode meer besig met godsdiens en leef streng volgens voorskrifte in die hoop op 'n ewige lewe, maar die moderne Jode is meestal ateïste en gebruik net die voordele van die mag van die Joodse beweging.

Wat die Joodse beweging uniek maak van ander organisasies, is dat hulle dit reggekry het om hulle eie land te verkry. Hulle is ook die enigste organisasie wat dit reggekry het om deur meeste lande se regerings beskerm te word. Wanneer iemand iets sou sê teen die Joodse beweging, word so 'n persoon gebrandmerk as “anti Semities” en word soms ook deur die land waarin hy hom sou bevind

se regering vervolg omdat meeste lande se wette dit verbied om enige kritiek te lewer teen die Joodse beweging. Die Joodse beweging is natuurlik ook baie suksesvol met finansies en besit meeste van die wêreld se reserwe banke, insluitend Suid Afrika, die VSA, alle Europese lande, Australië en ander. Daar is maar 'n handjievol lande in die Midde-Ooste wat hulle eie reserwe banke besit, maar hulle is gewoonlik as gevolg daarvan betrokke in konflik met die VSA.

Die slotsom: die Jode van vandag is beslis nie die uitverkore volk van Yahweh nie, omdat hulle die nageslag van enige volk en nasie op die aarde is. Die volk van Yahweh is streng nakomelinge van Jakob.

Die Jode van vandag vertel wel graag dat hulle die volk van God is, want dit bevoordeel hulle beweging uitermate. Die simpatie wat hulle by die moderne Christen kry, is van onskatbare waarde.

Daar is twee verse in die Boek van Openbaring wat hulle beskryf as 'n sinagoge van die Satan. Openb. 2:9 *Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan.*

Openb. 3:9 *Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.*

In albei hierdie verse word daar gepraat van hulle wat sê dat hulle Jode is, maar nie is nie. Vandag is daar net een groep wat hulself Jode noem, en dit is die Jode. Hierdie mense wat hulle self Jode noem is dus die sinagoge van die Satan waarna Openbaring verwys, omdat daar geen ander groep is wat hulle self ook Jode noem nie. Openb. 3:9 Sê dat hulle, die wat nou sê dat hulle Jode is, *sal dan kom en voor jou voete neerbuig en erken dat God jou liefgehad* het en nie vir hulle nie. Hierdie Jode sê nou dat hulle die volk van God is en dat God hulle liefhet, maar hulle sal later, wanneer Hy teruggekom het, erken dat Hy hulle nie liefgehad het nie, maar vir Israel. God het net een volk lief, sy erfdeel, Israel.

Die Jode het die oë van alle mense verblind en dit reggekry om hulle te vermom as die volk van God en die ware volk van God glo dit. Die ware volk van God glo dat die vyande van God, God se geliefde volk is en dat hulle, die ware volk van God, die heidene is.

Word wakker jy wat slaap en staan op uit die dood en Christus sal oor jou skyn.

## Hoofstuk 16

**Die Kerk**

Die begin van enige persoon op die pad na die koninkryk van God, kom altyd deur woorde van Yahshuah wat tot sy hart spreek en so 'n persoon hom bekeer van sy ou lewe, laat doop en deur die Gees van God gevul word. Omdat die koninkryk van God soos saad werk, begin 'n nuwe mens as 'n saad wat in die grond ontkiem en dan later net 'n klein plantjie wat by die grond uitsteek totdat hy 'n volwasse boom word. Hy begin as 'n baba-geesmens wat nie homself kan verdedig, voer of versorg nie. 'n Baba-geesmens is net soos 'n gewone baba wat iemand volwasse nodig het om hom te help, om groot en selfstandig te word. Wanneer 'n vleesbaba enige iets in sy mond druk om dit te wil eet, het hy 'n volwassene nodig om hom te keer en gesonde kos aan hom te gee, anders kan hy vergiftig word en sterf. Net so ook die geesbaba. Wanneer 'n vleesmens moedeloos en moeg is, het hy aanmoediging nodig van sy medemens om aan te hou tot hy sy doelwit bereik het, of sy probleem oorkom het. Die geesmens word ook moeg en wil tou opgooi en dan bemoedig sy mede-gelowiges hom.

Yahshuah het geweet dat dit beter is om in 'n geestelike groep die reis na die koninkryk aan te pak en daarom bou hy die gemeente van die heiliges. Binne die gemeente is daar verskillende bedieninge, maar van die staanspoor af maak Hy dit baie duidelik dat daar geen rangorde is nie. Daar is nie een persoon wat belangriker as 'n ander is nie en niemand het gesag oor 'n ander nie. Die gemeente het een Hoof, naamlik Hyself en al die ander is gelyke lede. Die doel van die gemeente is om mekaar te versterk, vermaan, dra in gebed, bemoedig, en te leer sodat almal wat die reis na die ewigheid aangepak het, wel daar sal uitkom. Paulus het gemeentes gestig so ver hy sending gedoen het, sodat die mense mekaar kan herinner aan wat hy hulle geleer het en mekaar kan bemoedig, indien iemand probleme sou ervaar.

Die mense wat in Yahshuah geglo het, was van die begin af vervolg omdat dit wat Hy die mense geleer het, lynreg gestaan het teenoor die geloof wat in die wêreld was. Die Jode met hulle godsdiens was die eerste wat in opstand gekom het teen Yahshuah se leer, want Hy het hulle ontbloot vir wie hulle was en hulle het baie volgelinge begin verloor. Nadat hulle die dood van Yahshuah veroorsaak het, het hulle voortgegaan met sy dissipels en Jakobus met die swaard gedood en Stéfanus word gestenig. Selfs Paulus doen ook sy deel om die gemeente te vervolg en nadat hy hom daarvan bekeer, neem ander Jode by hom oor.

Nero was 'n Romeinse keiser en in sy nalatigheid laat hy Rome aan die brand raak en maak ontsaglike skade. Hy verontskuldig homself deur die Christene die skuld daarvoor te gee, aangesien hulle in elk geval 'n bedreiging was vir die Romeinse godsdiens en ook die Romeinse Ryk. Daar volg 'n grootskaalse vervolging van Christene en hulle word op die wreedste maniere doodgemaak. Die gemeentes kom nie meer openlik bymekaar nie maar in die geheim en in baie gevaarlike toestande, want daar was altyd verraaiers onder hulle geledere.

Drie honderd jaar na die geboorte van Christus regeer keiser Konstantyn. Hy was soos enige ander Romein, 'n Pagan van geloof. Hulle het 'n vermenging van die Griekse geloof en hulle eie byvoegings geglo, maar soos alle ander gelowe was dit uiteindelik maar sonaanbidding. Sonaanbidding was weer net 'n verbloeming van die aanbidding van die “verligte een” Lucifer. Dit is die geheime kennis wat deur die eeue heen bewaar was deur al die geheime organisasies. Daar word geglo dat Lucifer en Yahshuah saam in die tuin van Eden was en dat Yahshuah vir Adam en Eva gevange gehou het deur

sekere kennis van hulle af weg te hou en dat Lucifer die een was wat hulle bevry het, deur hulle die kennis van goed en kwaad te gee.

Hierdie godsdiens van die Romeine en die Grieke en die Perse en die Babiloniërs en die Egiptenare en al die nasies wat van die toring van Babel af versprei het, is een en dieselfde godsdiens. Elke nasie gebruik net ander name, maar die verhaal is dieselfde. Hierdie kennis van goed en kwaad was nie net deur die Satan aan Adam en Eva verkondig nie, maar in Génesis 6 lees ons van hemelwesens wat met mens-vroue getrou het en by hulle kinders verwek het. Hierdie hemelwesens het baie kennis van die onsienlike en die geskiedenis en tegnologie, ensovoorts, geweet en dit vir hulle vroue en kinders geleer. Teen die tyd van Noag was die aarde verdorwe met hierdie wesens se nageslag en met die verbode kennis wat hulle die wêreld vol gestrooi het. Dit is een van die redes waarom God alle vlees verdelg het. Net Noag en sy gesin het deur die water gekom, maar het daar dalk van die verborge kennis ook deur die water gekom?

Volgens die geheime organisasies het dit. As ons kyk wat by die toring van Babel gebeur het, lyk dit ook of daardie kennis deur die watervloed gekom het, want die mense by die toring van Babel was so gevorderd dat God self gesê het dat niks nou meer vir hulle onmoontlik is nie. Babel was 'n stad wat deur Nimrod gebou was en hy was 'n geweldenaar, 'n magtige jagter en 'n magtige regeerder. Hy was ook baie bekend met sonaanbidding (Satan-aanbidding) want hy was ook bekend met hierdie sogenaamde verborge kennis dat Lucifer die goeie god is en dat Yahshuah hom voordoen as die Redder.

Nadat Yahweh die mense se taal verwar het, het hulle oor die hele aarde versprei, elkeen met sy eie taal, maar almal met dieselfde Nimrod-godsdiens. Omdat hulle taal verskil het, het die name van die gode verskil en na baie jare was die geloof bietjie anders, maar die basis nog dieselfde. Hierdie godsdiens is dit wat deur die Romeine geglo was in die tyd van Christus en die apostels en dit is die godsdiens wat Konstantyn geglo het.

Op 'n dag staan Konstantyn voor 'n groot oorlog en terwyl hy slaap droom hy van 'n kruis. Toe hy wakker word, maak hy 'n konneksie tussen sy droom en die kruis van die Christene en besluit daar en dan om 'n kruis op die skilde van sy soldate te maak vir die oorlog wat voorlê. Nadat hy die oorlog gewen het, is hy oortuig dat dit was as gevolg van die kruise op die skilde van sy soldate en hy besluit om die verbode Christelike godsdiens te ontban en gelyk te stel aan die amptelike Romeinse godsdiens van die Pagans. Later word die Christelike godsdiens die enigste amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk.

Hierdie gebeurtenis het ontsaglike verligting gebring vir die vervolgde Christene wat in die geheim moes vergader en nooit seker was van hulle lewe nie. Dit het egter 'n baie groter negatiewe gevolg op die Christelike geloof gehad en amper die einde daarvan beteken. Vandat die Romeinse regeerders die Christelike geloof die amptelike godsdiens gemaak het, was alle Pagan-gelowiges deur die staat vervolg. Dit was egter miljoene mense oor die hele bekende wêreld en nie een van die Pagans was seker wat dit beteken om 'n Christen te wees nie en nie een van die Christene wou hulle help nie, want net gister nog was hulle deur dieselfde mense vervolg.

Die oplossing wat die Pagan-gelowiges gemaak het, was om aan te hou met die Pagan-geloof, maar dit Christelike-geloof te noem, want daar was geen handboek wat dit uitgespel het wat 'n Christen is en hoe Christelike godsdiens werk nie, want die Christelike-geloof was nie 'n godsdiens nie, maar bloot net 'n nuwe verbond wat God kom maak het met sy volk. Die Pagan priesters het toe Christelike name gevat en dit aan die Pagan-gode gegee. Die beeld van Zeus het die beeld van Petrus

geword en staan vandag nog in die Vatikaan. Die kattedraal waarin hulle gode aanbid het, het net kerkgeboue geword. Hulle Pagan priesters het Christen priesters geword.

Baie rituele van die Pagan-godsdiens het Christelike rituele geword en baie Christelike gebruike was verander om by Pagan gebruike aan te pas. Die nagmaal is verander na die mis (mass) wat glo dat die brood wat hulle eet die letterlike liggaam van Christus word en dat Hy elke keer geoffer word wanneer die mis bedien word. Die wyn wat die bloed van Christus verteenwoordig, word nie tydens 'n mis bedien nie. Die doop van wedergeboorte was deur hulle verander in die besprinkeling met water van kindertjies omdat hulle geglo het dat iemand gedoop moet word voordat hy sterf, anders sal hy hel toe gaan. Priesters het spesiale apparate gehad waarmee hulle 'n kind in die baarmoeder kon doop as daar gevaar was dat die kind sou sterf voor sy geboorte. Die hoof van die Romeinse ryk, die Keiser, het die hoof van die kerk geword. Al hierdie gebruike is vandag nog algemeen in die moderne Romeins-Katolieke kerk.

Dit wat Yahshuah in gedagte gehad het toe Hy sy gemeente gestig het was om die Woord te bewaar van geslag tot geslag, maar die Romeinse kerk het dit juis teegestaan. Die Woord was die enigste bewys dat dit wat in die kerk gebeur totaal teenstrydig was met wat die Woord sê en wat Yahshuah voorgeskryf het. Die kerk het dadelik die Bybel in Latyn alleen toegelaat en geen persoon buiten die priester was toegelaat om die Bybel te lees nie. Die algemene mense was nie Latyns magtig nie en die Woord van God was bykans dood. Dit laat mens dadelik met blydskap dink aan die woorde van Yahshuah aan Petrus: *Jy is Petrus en op hierdie rots sal ek my gemeente bou, en die poort van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. (Matt. 16:18*)

Toe die duisternis op sy ergste was en die kerk op sy sterkste, kom daar 'n Roomse priester en professor aan die Roomse Universiteit, Martin Luther, op die toneel. Hy is bekend met al die duisende rituele van die kerk en probeer deur dit alles sin maak sodat hy vrede voor God kan kry. In Wittenberg kry hy dit nie en besluit om na die heilige Rome te gaan, daar waar die Vatikaan is, waar die hoof van die kerk is, die Pous. In Rome beleef hy 'n algehele teleurstelling, want al wat hy in Rome vind is totale sedeloosheid deur die priesters en geldgierigheid deur die kerk. Alles draai om geld en met geld kan jy selfs van jou sonde ontslae raak. Hy self probeer dit, want hy is desperaat om vrede met sy Skepper te maak, maar met groter onrus gaan hy terug na Wittenberg.

Daar aangekom gaan hy voort met klasgee en ondersoek onder andere die Bybel en hy lees 'n vers wat sy lewe verander. "*Die mens sal deur genade alleen lewe*". Alles wat hy van die kerk geleer en gedoen het verdwyn met die lees van hierdie Skrif, want in die kerk gaan alles oor verdienste. Martin kom agter dat die Woord van God radikaal verskil met dit wat die kerk doen en hy word 'n Protestant. Hy skryf verskeie boeke en ontbloot die Pous as die man van sonde en die Antichris, waarvan die boek Openbaring praat. Die Pous verplig hom om sy sonde te bely sodat hy deur die kerk vergewe kan word, maar in plaas van dit te doen, vertaal hy die Bybel in Duits.

Volgens God se "toevallige" beplanning, is dit die tyd wat die drukpers uitgevind word en Bybels word orals gedruk en gelees en mense sien die lig van God se Woord. Protestante staan in die hele wêreld op en draai die rug op die kerk. Bybels word ook in Engels en Hollands gedruk, dieselfde State-Bybel waarmee ons voorouers na Suid Afrika gekom het en later oor die Drakensberge getrek het. In 1933 word die Bybel ook in Afrikaans vertaal. Die houvas wat die kerk op die denke van die mense gehad het, was aan die afneem.

Die kerk het egter nie net daar tou opgegooi nie, maar verbete terugbaklei. 'n Teen-Protestantisme beweging is deur die Kerk gestig en die priesters wat dit behartig het was St. Ignatius of Loyola en Roberto. Hulle begin 'n afdeling in die Romeinse kerk met die naam van "Jesuite". Hulle was briljante

strateë en het leringe uitgedink wat sou voorkom dat mense van die kerk afvallig word. Eerstens het hulle dogma verkondig wat wys dat die Pous nie die man van sonde is nie, maar dat daardie persoon eers heelwat later op die toneel verskyn. Hulle het die Protestante infiltreer en van binne die samekomste die heiliges beïnvloed en stelselmatig terug verander na die kerk toe.

Omdat mense deur die eeue gekluister was aan die kerk en al die rituele in hulle wese ingebrand was, het almal gesmag na rituele en die Jesuite priesters het vir hulle ander kerke gegee met ander name en ander rituele.

Die ou verbond (testament) van Yahweh was vol rituele, maar die nuwe verbond (testament) het geen rituele nie. Die doop en die nagmaal is ook nie rituele nie, want die oomblik wat dit 'n ritueel is, het dit geen waarde en geen krag nie. Indien iemand hom sou laat doop, want dit is nou die regte ouderdom of die regte mense of watter ander rituele-rede, sal die doop nul waarde hê. Die doop is 'n vereenselwiging met die dood en opstanding van ons Verlosser en om jouself te laat doop is die diepste gebeurtenis wat enige mens kan beleef. Om dit dus net te doen as ‘n ritueel, het geen waarde nie. Die nagmaal is bloot net 'n herinnering aan die offer wat Yahshuah vir ons gebring het en sy bloed wat vir ons gevloei het. Dit is 'n tyd om dit te bedink en om Hom uit jou hart te bedank vir sy offer, maar om dit te doen want di’s 'n sekere tyd van die maand, of jaar, is 'n ritueel en is dan nutteloos. Die nagmaal hoef nie deur 'n priester of 'n sekere persoon bedien te word nie. Dit was deur gewone dissipels gedoen. Daar is ook nie genesingskrag of verlossing of bevryding in die nagmaal nie. Dit is net 'n herinnering aan die offer van Yahshuah vir ons.

Die Jesuite priesters het juis dit vir die protestante gegee. 'n Gebou wat ons kerk kan noem, net soos die Roomse kerk. 'n Leier wat ons Dominee of Pastoor kan noem wat alles weet en die gemeente weet niks. Wie se woord nie bevraagteken word nie, net soos die Romeinse kerk met hulle priesters. Net soos in die donker eeue het ons nou nie meer die Bybel nie. Al het ons dit, ons lees dit nie. Nou hoef die priester net die Dominee of Pastoor te beïnvloed en die Dominee of Pastoor sal die res van die gemeente beïnvloed. Klere wat beïndruk vir die Dominee of Pastoor en ook vir die gemeente. Die formaat van die byeenkoms word vasgestel en nooit van afgewyk nie, net soos in die Romeins Katolieke kerk. Kyk maar self na die kerk-instellings van vandag, lyk hulle anders as die Romeinse kerk? Alle groot kerke in die ganse wêreld is weer terug by die Pous en die Romeins-Katolieke kerk, want daar is nie een Protestant meer oor nie. Alle kerke het hulle eensgesindheid met die Romeinse kerk verklaar, daar is nie een uitstaande nie. Loyola was suksesvol.

Ons slotsom is dus dat die kerk beslis nie die volk van God is nie, want die kerk is 'n mensgemaakte instelling. Yahshuah het geen rituele ingestel nie, maar die algemene kerk is deurtrek van dit. Doen maar self 'n toets: Het jou kerk 'n Dominee of Pastoor? Waar kom dit vandaan om een te hê? Lui jou kerk 'n klok? Waar kom dit vandaan? Het jou kerk 'n toring? Waar kom dit vandaan? Trek jy spesifieke klere aan omdat jy kerk toe gaan? Is jou kerk 'n plek of 'n samekoms van gelowiges? Yahshuah het gesê as daar twee of drie in sy Naam bymekaar kom, dan is dit die gemeente, want Hy is in hulle midde. Het jou kerk 'n lys van lede? Hoekom is daar 'n lys? Is almal wat gelowig is dan nie lede van sy gemeente nie? Neem jou kerk tiendes van sy lede? Hoekom doen hulle dit? Is die tiendes nie 'n wet in die ou verbond wat voorsiening gemaak het vir die behoeftes van die Leviete nie? Het jou kerk dan nog Leviete?

Hierdie stellings klink dalk hard, maar ons is maar weer waar Martin Luther was en dit wat hy gesê het was net so swaar om te hoor vir die mense van sy tyd. As ons kerkie-kerkie wil speel, is dit seker elke persoon se eie reg, maar as ons na die koninkryk van God soek, sal ons erns met Hom moet maak.

## Hoofstuk 17

**Die toekoms.**

In elke belofte wat Yahweh aan Abraham, Isak en Jakob (Israel) gemaak het, het Hy gesê dat Hy die land Kanaän aan hulle en hul nageslag sal gee, as 'n ewige besitting. Tog het Abraham, Isak of Jakob, of enige van die twaalf seuns, dit nooit besit nie. Ook het al die geslagte wat in Egipte was, dit nie besit nie. Al die geslagte na die ballingskappe het dit nie besit nie. Hierdie belofte aan die aartsvaders kom telkens weer in die profete voor, jare na hulle dood en ook na die wegvoering van die twaalf stamme in ballingskap.

Daar is geen groter krag as 'n profesie van God wat in vervulling gaan nie. God sê ook dat Hy niks doen as Hy dit nie deur sy profete vooraf gesê het nie, sodat wanneer dit wel gebeur, ons kan weet Hy dit lankal gesê het. Die profesie oor Yahshuah wat sou kom was letterlik deur die priesters en Leviete bestudeer sodat wanneer die Messias wel kom, hulle Hom sou herken. Indien daar iemand sou kom en voorgee dat hy die verwagte Messias is, sou die profete bewys dat hy dit nie is nie.

Net so het ons vandag ook die profesie wat ons inlig oor wat gaan gebeur aan die einde van die dae. Die Skepper het die hemel en die aarde geskape sodat sy nageslag daarin kan leef en regeer. Die skepping was volmaak en elke dag was vervul met vreugde, vrede en blydskap en dit is wat die Skepper beplan het. Yahweh het beplan dat Adam vandag nog sou regeer, reeds ses duisend jaar na sy skepping en dat al sy seuns en sy dogters saam met hom die aarde sou ontdek en al die hulpbronne en al die natuurwette. Daar sou nou reeds geslagte mense soos Adam die aarde bewoon het en elke dag sou nog steeds net vreugde, vrede en blydskap gewees het. Ongelukkig was daar 'n vyand van die Almagtige, die Slang in die Paradys, wat veroorsaak het dat die Skepper die aarde moes vervloek en nie net dorings en distels was die gevolg nie, maar uiteindelik die dood.

Omdat die Skepper nie die werk van sy hande laat vaar nie, het Hy ook nie die skepping van die aarde as 'n mislukking laat vaar nie, maar dit is waarom Hy belowe dat Hy self terugkom aarde toe om alles te herstel soos wat die oorspronklike Adam dit gekry het. Die Seun van God kom terug nadat Hy sy koningskap ontvang het en kom sit op die troon van sy vader Dawid en kom regeer oor die huis van Israel. Net soos 'n week sewe dae het, net so het hierdie dispensasie sewe duisend jaar. Ons is op die oomblik aan die einde van die ses duisendste jaar en daarom verwag ons die wederkoms van die Koning enige dag. Hy sal as Koning oor die aarde regeer, vir 'n duisend jaar en alles herstel.

Wanneer Hy kom op die wolke kom Hy met die leërs van die hemel, met die soldate van die hemel. Op die aarde gaan Hy nie 'n helde-ontvangs kry nie, want die wêreld haat Hom en gaan Hom weerstaan met al die militêre mag wat hulle het. Die magte van die wêreld en die magte van die hemele sal mekaar ontmoet en daar sal 'n groot slagting plaasvind wanneer die leërs van Yahshuah die leërs van die aarde verslaan. Yahshuah sal sy koningskap met geweld vat by die konings van die aarde, omdat hulle hom nie erken as die Messias nie en omdat hulle nie wil hê dat Hy oor hulle regeer nie.

Anders as die verwagting van die wêreld gaan Hy nie vrede op die aarde kom maak nie, maar Hy kom met toorn en wraak. Wanneer Hy die troon en heerskappy oorgeneem het, sal sy oordele oor die bewoners van die aarde begin. Al die kinders van die nageslag van Jakob wat hulle klere gewas het in die bloed van die Lam, sal saam met Hom in die land Kanaän versamel word en Hy self sal hulle bewaar van die oordele. Hulle en die honderd vier en veertig duisend wat oorwin het, sal 'n merk op

hulle voorhoofde kry en sal saam met Hom wees die duisend jaar lank. Geen honger of dors sal ooit weer hulle deel wees nie.

Wanneer die oordele van Yahshuah oor die bewoners van die aarde uitgestort is en baie mense gesterf het, sal almal weet dat Hy die enigste Koning is en almal wat Hom weerstaan het sal die knie voor Hom buig en bely dat Hy alleen Koning en God is. Nou het Hy Hom geopenbaar vir wie Hy is en nie vir wie die mense besluit het Hy moet wees nie. Nadat Hy sy wraak uitgestort het op die bewoners van die aarde, sal geen mens Hom nog verwar met 'n baba in 'n krip, of 'n ruggraatlose papperd wat deur mense se opinies beïnvloed word nie, of 'n persoon wat nie sonde vergeld nie, maar net altyd alle boosheid oorsien. Almal wat dan nog op die aarde oorgebly het sal Hom vrees, want Hy is Yahweh in die vlees.

Vanuit Jerusalem sal sy heerskappy uitgaan en sy volk Israel sal saam met Hom daar wees. Al die ander nasies van die aarde gaan nog in hulle eie lande bly en sal hulself regeer, maar onderworpe aan die heerskappy van die Koning in Jerusalem. Aangesien die Satan vir hierdie duisend jaar in 'n tronk is, het hy geen invloed op die nasies nie en hulle het geen begeerte na rebellie nie. Jaarliks trek hulle verteenwoordigers op na die Koning in Jerusalem om by Hom sy wette te kry, sodat hulle daarvolgens kan lewe. Die nasie wat dit nie doen nie, sal nie reën kry nie en as hulle nog steeds nie ag gee op die Koning nie, sal hulle sterf. Al die nasies van die aarde sal elkeen sy eie god aanbid, maar net Israel sal Yahweh aanbid, want Hy is die God van Israel.

Saam met sy volk Israel herstel Koning Yahshuah die hele aarde en keer dit terug na die staat van die paradys. Daar is nog steeds dae en nagte, want die aarde wentel nog steeds om die son. Daar is nog steeds weke en maande en jare, vir 'n duisend jaar. Aan die einde van die duisend jaar sal die toestand van die aarde en die heerskappy van die Koning wees soos wat die Skepper dit beplan het voor die grondlegging van die aarde.

Aan die einde van die duisend jaar word die Satan weer losgelaat uit sy gevangenskap en dan keer hy dadelik terug na sy ou dade. Hy gaan na al die nasies op die aarde en sweep hulle op teen die heerskappy van Yahshuah en sy volk Israel. Net soos wat hy vandag doen, sal hy dit dan weer doen. Hy oortuig hulle dat hulle beter verdien en dat hulle onderdruk word en dat hulle onregverdig behandel word en dat hulle dieselfde is as die volk Israel. Dan kom al die menigtes in opstand, die Gog en die Magog en met al hulle getalle omsingel hulle die heilige stad Jerusalem om dit met geweld in te neem.

Die boek Eségiël beskryf hierdie gebeurtenis met groot ”detail”, maar die boek Openbaring sê bloot net dat God vuur uit die hemel stuur en hulle almal vernietig.

Dit is die einde van alle nasies wat nie deel van God se volk is nie.